

HOOFSTUK IV

VAN W. A. VAN DER STEL SE VERTREK AF TOT TEEN DIE MIDDEL VAN DIE AGTIENDE EEU

§42. *Algemeen.*

Daar is veel voor te sê om die agtiende eeu vir ons doel as 'n eenheid te beskou. Dit geld veral ten opsigte van die kolonisasie en die bestuur van die land en die vroeë ontwikkeling van 'n eie boerestand met sy besondere lewenstoestande.

Tog het die waarde van die behandelingswyse om na die taalfaktore te soek, ook al geblyk, en as die tydvak te lank uitgereken word, loop sommige faktore weer ineen. Gevolglik het dit sy voordele om ons tydvak nie te wyd af te baken nie en ons kies daarom die jaar 1750 as 'n ruspunt. In hierdie klein halfeeu voltrek o.a. die proses van verafrikaansing van die Hugenote hom; verder verbroekel die suiwer Hottentotse ras as 'n afsonderlike volk en verdwyn as 'n politieke gevaar vir die blankes, terwyl die Boesmans in die Noorde en die Bantoe in die Ooste hulle daarteenoor begin te laat geld as faktore waarmee by die uitbreiding van die blanke inbesitname rekening gehou moet word; en ten slotte sien ons in hierdie periode die diepgrypande verandering in die struktuur van die samelewing deur die opkoms van die veeboerestand, met sy uitwerking op die taalgebruik, ons eintlike tema.

Om die maatskaplike toestande binne die raamwerk van die algemene geskiedenis aan te dui, sal hier weer van die oorsigte van Gie en Walker gebruik gemaak word. 'n Baie nuttige studie vir ons doel is die driedelige werk van dr. P. J. van der Merwe: *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie* (1938); *Trek* (1945) en *Die*

noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1937).

Die beskrywings van Valentyn en Kolbe, reeds vroeër genoem, bevat waardevolle gegewens oor die toestande aan die begin van die afgebakende periode, en dié van Mentzel vir die einde daarvan. Otto Friedrich Mentzel wat in die Kompanjiesrolle as „houtschrijver” genoem word, was aan die Kaap van 1733 af tot 1741. Veertig jaar na sy vertrek verskyn van hom in Duits, sy moedertaal, ’n lewensbeskrywing van sy landgenoot R. S. Allemann, vroeër ’n leërowerste aan die Kaap en Mentzel se vriend en beskermer. Die berig verstrek ’n goeie beeld van die lewe aan die Kaap teen die middel van die agtiende eeu (vgl. VRV II vir Engelse vertaling), en die beeld het hy aangevul en verskerp in sy tereg heel bekende maar lank vergete *Beschreibung des Vorgebirges der Guten Hoffnung*, om die uitvoerige titel sy verkorte vorm te gee. Dit het te Glogau in twee dele verskyn (1785 en 1787) en is in Engels uitgegee deur die Van Riebeeck-Vereniging (nrs. 4, 6 en 25). Daar is ’n groot aantal persone wat reeds voor 1800 oor die Kaap geskryf het; die meeste van hulle het egter nooit hier voet aan wal gesit nie en ander het slegs ’n paar weke, uiterlik ’n paar maande hier vertoef. Die gunstige uitsonderinge vorm die ab De la Caille wat ongeveer twee jaar hier deurgebring het, die plantkundige Thunberg wat hier drie jaar was, en dan Kolbe en Mentzel, elk met ’n verblyf van nagenoeg ag jaar in die Kolonie. Waar Mentzel bowendien „(in a) spirit of disinterestedness and (with a) desire for truth” skryf, volgens prof. Mandelbrote (VRV dl. 6, bl. 15), sal die waarde van sy bydraes duidelik blyk, „mainly for atmosphere” (ald. 13).

§43. *Geskiedkundige Hoogtepunte.*

Die moeilikhede met W. A. van der Stel het ’n end aan die doelbewus aangemoedigde immigrasiebeleid van die N.O.I.K. gemaak. Daar het nog los intrekkers gekom, byvoorbeeld uit Europa, of in 1709 uit Mauritius toe die nedersetting daar opgehef is; aan baie Kompanjies-

dienaars is vrybriewe verleen en sommige gedroste matrose en soldate het vanself gesorg om ter gelegener tyd opgeneem te word as koloniste. Die belangrikste aanwas het egter nie van buite gekom nie, maar deur geboorte; gevolglik neem die invloed van „buitelanders” af ten opsigte van dié van die koloniste.

Daar is weer drie hoofkringe te onderskei.

(a). Kaapstad bly die „Hoofdplaats,” soos dit herhaaldelik aangedui word, en neem ’n besondere plek in. Die breë sandstrook van die Kaapse Vlakte isoleer dit nog van (b) Stellenbosch en Drakenstein, sodat ons hier ’n enigszins afgesonderde gebied vind. Simon van der Stel wou die koloniste o.a. met die oog op die doeltreffende verdediging van die land dwing om na aan mekaar te woon. Nie alleen daarom nie, maar óók daarom het hy die akkerbou aangemoedig en die veeboerdery òf ontmoedig òf noodgedwonge as ’n byverdienste toegelaat, terwyl sy seun, self ’n groot veeboer, daartoe oorgegaan het om ook die veeboerdery ’n kans te gee en hy het diensengevolge meer weilisensies aan grondeienaars uitgereik. Nou het die veeboere, op soek na weiding en water, (c) oor die „Bergen van Afrika” in toenemende getalle begin trek. Die Bolandse kom aan hierdie kant van die Hottentots-Holland- en Drakensteinberge het dus vol- of oorgeloop. Daardeur het ’n derde kring (die „Overbergsche” en „Achterveldsche”) ontstaan, en ’n derde stand (die trekboer).

Die politieke toestande was sodanig dat hierdie uitbreiding wat in die eerste instansie ekonomies begryp moet word, daardeur begunstig is. Dr. Gie se opskrif by die betrokke hoofstuk lui „Rustige Arbeid en Stille Uitbreiding” (I 152), en in die voorafgaande algemene inleiding sê hy o.m.: „Van 1707 tot 1779 sal die historiese stroom . . . baie breed en stil loop. Ons sal geen groot dramatiese skokke voel nie, en van uitstaande persoonlikhede sal ons nie veel hoor nie.” (I 151).

In die eerste helfte van die eeu is weinig te vermeld. De Chavonnes het die verdedigingswerke versterk en die skoolstelsel gereël, soos al die ander goewerneurs moes

hy besuinig. In 1739 word Hendrik Swellengrebel goewerneur, die eerste gebore Afrikaner wat dié rang behaal. Van besondere belang is die besoek van baron Van Imhoff in sy tyd. Van Imhoff, op weg na Batavia, het in 1743 enige tyd aan die Kaap vertoef en hervormings teweeggebring.

Die veeboer was toe na die noordweste al in die Hantamwyk en na die ooste al by die Gamtoosrivier. Hoe groot die gebiedsomsvang deur die verskuiwing van die grense geword het vanweë die indringing van die veeboer na die binneland toe, kan uit hierdie syfers aanskoulik gemaak word: Eric Stockenstrom het bereken dat die oppervlakte van die volksplanting in 1700 sowat 1,100 vierkant myl beslaan het, en in 1750 ongeveer 24,000 (*Historiese Atlas van Suid-Afrika* (1928), bl. 12-13).

Van Imhoff was besorg oor die trekklus, deels omdat hy bang was dat die mense sou verwilder, en hy het probeer om paal en perk daaraan te stel deur die invoering van 'n (mislukte) stelsel van leningseiendomsplase ten einde die trekkers aan die grond te bind. Tog erken hy aan die ander kant die uitbreidings wat reeds plaasgevind het. Hy wou die breë band koloniste wat soos 'n velling om die „Boland” gelê het, onder die gesag van die N.O.I.K. geplaas kry. Daarom stel hy nuwe administratiewe en kulturele sentrums in. Vir die vee- en graanboere van Swartland (Malmesbury) in die noordweste gee hy 'n kerk met 'n sieketrooster en 'n skooltjie, en dieselfde vir die boere in die noorde met Roodezand (Tulbagh) as middelpunt, terwyl Swellendam in die ooste tot distrik verklaar word (1745), met sy eie landdros en heemrade.

Desondanks was die band tussen die buitekoloniste en die regering baie los en staan die lewe aan die grens en in die „Hoofdplaats” in 'n skerp, en in meer as een sin, in 'n onvriendelike teenstelling met mekaar. Die Kolonie kry 'n nuwe ekonomiese onderbou en 'n nuwe soort maatskaplike lewe. Die uitwerking van die middepuntvliedende kolonisasie is groot en taalkundig beslissend.

§44. *Die taalkring van Kaapstad.*

Tot knap voor die koms van Simon van der Stel kon die blanke inwoners aan die Kaap taalkundig as 'n betreklike eenheid beoordeel word. Met die vestiging van 'n akkerbouende gemeenskap anderkant die Kaapse Vlakte het daar 'n ligte teenstelling tussen die Hoofdplaats en die streek dieper landwaarts gekom, maar dit het, soos uit die vorige hoofstuk geblyk het, nog nie diep ingesny nie. Die verkeer tussen die koloniste onderling en tussen die amptenare en die burgers in die klein besette gebied was druk genoeg, en, soos ons dit verstaan, het die blankes, die meeste Hugenote uitgesonder asook die ander nog krompratende vreemdelinge, 'n Kaaps-getinte *Nederlands* gepraat.

Van 1700 af sal die verskille tussen die Hoofdplaats en die platteland aansienlik markanter word namate die boerende burgery losser van die mark, die hawe en die buiteland word.

Kaapstad het in hierdie tyd flink bly groei. Die Kasteel en vestingwerke is versterk, die Paradeplein verbeter, nuwe strate uitgelê en beter huise gebou, veral aan die flanke van die Kompanjiestuin. Aan die begin van die eeu was daar ongeveer 200 huise en in 1710, sê Maxwell, woon daar omtrent 300 families (VRV V 53). Teen 1740 skat Mentzel die aantal wonings om die vier tot vyf honderd (VRV II 147).

Dr. Gie sê die ingesetenes van die stad was oor die algemeen betreklik welvarend (I 144). Ons hawestad lê in die hoek wat vir die skeepvaart die gunstigste was, en deur Tafelbaai, die naelstring, is die Kolonie met die buiteland verbind. Kaapstad is veral op die see aangewese. Hier loop Nederlandse en vreemde skepe binne en bring handelsware, maar wat eintlik belangriker is, mense bereid om veel geld te spandeer. As die retoervloot die hawe aandoen, is daar soms 'n 2,000 matrose en besoekers wat aan wal stap. Jaarliks is die Kaap deur 'n 50 tot 60 Oosindiëvaarders besoek, benewens nog die skepe van vreemde moondhede (Engelse en Franse veral). Tussen

1714 en 1725 het jaarliks gemiddeld 87 skepe Tafelbaai binnegehoop, tussen 1726 en 1750 gemiddeld 75, volgens Gie. Die oorlog tussen Engeland en Frankryk in 1740 en 1748 het meegebring dat die Kaap as verversings- en hersteloord druk deur die Engelse op weg na of van Indië besoek is; so het admiraal Boscowen in 1748 met sy vloot van 26 oorlogskepe 'n hele tyd hier vertoef en sy leer geëksereer.

Die stedelinge het dit verstaan hoe om uit die skepelinge geld te maak, want hier was vir hulle 'n afsetgebied. Haas elke privaatwoning het aan besoekers losies verskaf en „elke privaathuis byna was 'n soort van winkel, waar onder die hand baie transaksies plaasgevind het” (Gie I 145). Dit was die bron van 'n groot deel van die welvaart en die Kapenaars het hulle gevolglik beywer om die goeie klandisie ter wille te wees. Goeie voedsel, heerlike vrugte en wyn is, waar nodig, van die burgers gekoop, sodat daar vir die loseerders, die „heeren van zes weken,” van alles volop was, en kroëë was daar verder genoeg. Arbeid was goedkoop, vermaaklikhede skaars.

Die oorgroot meerderheid van die skepe, vier-vyfdes, volgens Walker (91), was dus Oosindiëvaarders van die Kompanjie met *Nederlands* as omgangstaal; daaroor gee Mentzel ons voldoende eerstehandse inligting. Hulle het dus aan die Kaap *Nederlands* gepraat.

Maar hoe het die vreemdelinge van die orige een-vyfde oor die weg gekom? Ook hierop gee Mentzel antwoord, en dit lyk my belangrik genoeg om die betrokke paragraaf oor te skryf. Hy het 'n aantekening „On the treatment of strangers” (VRV VI 142-43) en sê o.m.: „Foreign visitors (in die oorspronklike Duitse teks staan *Herbergsgäste*) — Frenchmen, Englishmen, Danes and Portuguese — are seriously handicapped during their short stay at the Cape through their ignorance of the Dutch language. It will be remembered that the Abbé de la Caille records that French had died out among the Huguenots in the second generation and is therefore now unknown to their descendants. In the letter quoted . . . it is stated that

the ladies at the Cape are well-versed in French and English. As regards French I cannot now speak with authority, since the presence of a French garrison must have provided facilities for acquiring this tongue. (Dit was inderdaad so van 1781 tot 1784). I cannot see, however, why they should know more English today (hy skryf in 1785) than in my time (d.w.s. 1733—1741) when their entire accomplishments in this respect consisted in repeating parrotwise, like a nun the psalter, a few conventional phrases of greeting and parting. Such phrases count for nothing. *Real intercourse with foreigners is very much of a dumb-show; gestures and nods take the place of speech*" (my kursivering).

Die kosmopolitiese Kaapstad van voor 1750 het dus net *een* algemene taal geken: Nederlands. Afgesien van 'n paar waarskynlike uitsonderinge kan ons sê: wie dit nie magtig was nie en omgang met die blanke inwoners gesoek het, moes syner syds, soos hulle op hulle beurt eweneens, in Mentzel se eie woorde, met mekaar „mehrenteils mit Zeichen, mit Weisen und Kopfnicken sprechen" (I 634). In dié opsig was Kaapstad dus maar soos enige ander hawestad, en ons kan seker aanneem dat die Nederlands-onkundige vreemdelinge ook hier wel nie invloed op die struktuur van die inwoners se taal gehad het nie. In die honderd jaar het Nederlands al te diep wortel geskiet.

Hierby kom 'n ander belangrike feit wat behoudend meewerk. Kaapstad was nie net die setel van die landsbestuur en die slagaar van die handel nie, dit was ook die vernaamste vesting van beskawing en kultuur. Hier was die enigste hospitaal, as gebou 'n sieraad vir die stad (Mentzel), die moederkerk staan hier, en veral word hier die meeste aan onderwys gedoen. Met dr. P. S. du Toit (*Onderwys in Kaapland 1652—1939* (1940) as gids noem ek 'n paar feite. In 1714 kry Kaapstad (en Kaapland) sy eerste hoërskool, die Latynse skool van ds. Slicher (ald. 24); daarnaas het verskeie „gepermitteerde" laerskole bestaan, tot agt tegelykertyd, en sommige is deur 'n vry hoë aantal leerlinge besoek. In 1737 was daar in die

hoofstad sowat 400 kinders in vier erkende laerskole. Die skole is goed ondersteun. Daarby moet nog die kerkskool van die sieketrooster getel word en 'n paar ongepermitteerde privaatskole. Mentzel self was so 'n privaat huisonderwyser, t.w. 4 of 5 jaar lank vir kapt. Allemann se kinders en 'n ruk vir die seun van goewerneur De la Fontaine. Lees, skryf, godsdiensonderwys en onderrig in die Nederlandse taal was die hoofvakke. Baie vermoënde ouers het hulle seuns regstreeks na Nederland gestuur. Soos nog sal blyk, was die korrigerende kragte buite Kaapstad òf veel swakker òf, soos op die grense, byna heeltemal afwesig.

Tel hierby ten slotte nog die feit dat Kaapstad as administratiewe sentrum en setel van die goewerneur, die politieke raad e.d.m. sy hoogste en hoëre amptenare byna altyd uit die vaderland of uit Batavia gekry het, persone dus wat dikwels sosiaal die leiding aangegee en as taalfaktor veel moes beteken het. Geen plek in die Kolonie het soveel en so aanhoudend versterking uit die moederland ontvang nie en nêrens was die kulturele en taalbande so stewig nie. Kaapstad was 'n bolwerk van Nederlands.

§45. *Die taalkring van die vryburgers duskant die „Bergen van Afrika”.*

Die nedersettings onder die leiding van die Van der Stels begin, het op die ou grondslag voortgegaan en die vrugte-, graan- en wynboere het betreklik welvarend geword. Dit is om die beskeie welvaart te verdedig dat hulle, die rykstes aan goed en invloed, so sterk teen W. A. van der Stel opgetree het. Dié vrye lewe het ook die Kompanjiesdienaars gelok; diegene wat as „knechten” op die boerderye toesig gehou het, het daarna gestreef om vrybriewe te kry en hulle eie base te word, soms langs die weg van 'n voordelige huwelik. Ook verskeie soldate en klerke het op dié wyse selfstandige boere geword.

Die intensiewe boerdery van die dae het egter sy perke gehad en in die vroeë agtiende eeu het die Boland nie net

genoeg graan en wyn gelewer nie, maar soms te veel, sodat die produksieprobleem van vroeër 'n afsetprobleem geword het (Gie I 158). Die gevolg was dat daar in die krisis nie onmiddellik plek vir verdere vinnige uitbreiding van die akkerbou was nie en die gevestigde boere hulle belange daarteen verdedig het.

Deurdadig die boere op die Kompanjie (met sy behoeftes vir die garnisoen, die hospitaal en verbyvarende skepe) en die mark in Kaapstad (inwoners en vreemdelinge) aangewys was, moes hulle dikwels daarheen om die produkte weg te bring, sake te doen en miskien vriende en familie te besoek. Verskeie ryk boere het in die stad gerenteneer en baie plattelanders het daar familie gehad. Om sulke redes was die aanraking met die hoofstad lewendig genoeg en die leefwyse en modes wat die plattelanders hier gesien het, is as norm aangeneem.

Ook die onderlinge verkeer tussen die boere in dié streek was druk genoeg. Vir die akkerbou was klein plasies voldoende, sodat die eiendomme in die vrugbare gebiede naby mekaar geleë was en besoeke oor en weer maklik. Die kerke in Stellenbosch en Drakenstein was 'n ander saambindende faktor. Aangesien hierdie dorpe nog geen hotelle of losieshuise geken het nie, het die dorpsmense aan die plaasmense onderdak verleen. Spreekende oor Stellenbosch in hierdie verband sê Mentzel: „On Sundays nearly all the inhabitants provide accomodation for people coming to church or on a visit” (VRV XXV 44). Hoewel nie altyd sonder moeilikheid nie, het op hierdie twee plekke skole bestaan waar die kinders kon leer lees en skryf, terwyl party ryk burgers privaat huisonderwysers in diens geneem het.

Die lewe van die koloniste het dan teen die tyd in die Boland vaste vorm aangeneem. Daar was 'n redelike mate van stabiliteit in beroep en lewenspeil. Hierdie mense was die aristokrasie van die vaste landelike bevolking.

Hoe het hulle taal teen 1750 daar uitgesien? By Mentzel vind ons 'n uitspraak, ongelukkig baie algemeen, wat op die taal van hierdie kring betrekking het. Hy

was wel bevoeg om 'n oordeel uit te spreek, want nie alleen was hy 'n private onderwyser nie, selfs vir die seun van die veeleisende goewerneur, maar hy vertel duidelik dat hy Nederlands deeglik geken het (VRV, II 137). In die Voorwoord van sy *Beschreibung* maak hy verder verskoning dat sy Duits nie meer suiwer is nie. „ . . . One who has lived for many years in Holland, who not merely hears and speaks Dutch, but, like myself, applies himself to studying it carefully, must inevitably suffer in the purity of his German” (VRV IV 28).

So iemand behoort dus op grond van sy kennis van Nederlands in staat te wees om goeie inligting te verstrek. Daarby moet onthou word dat hy 'n volle twee jaar „auf dem platten Lande” deurgebring het by ene Paul Keijser (VRV IV 12). In hoofstuk 7 van deel 2 onderskei Mentzel tussen vier klasse boere: (a) rentenerende boere in Kaapstad woonagtig en met knegte op die plase; (b). bemiddelde boere wat self op hulle plase bly en bowendien nog 'n kneg as bestuurder aanhou; (c). arbeidsame kleinboere; en (d). arm grensboere. Dit is klas (b) wat die toon aangee, nl. die gevestigde boere. Sprekende oor *hulle* vertel hy iets oor die taalgebruik en sê: „The language of the country people is just as far from being pure Dutch, as that of the German farmers is from pure German. The men have a broad accent and the women folk use certain expressions that are sometimes really ridiculous. For instance, if one were to ask them whether they have no Bible, the reply is: ‚Onz heeft geen Bybel,’ which means ‚Us has no Bible.’ If one were then to ask them: ‚How many ‚onze’ (ounces) in a pound?’ they would blush . . .” (VRV XXV 105).

'n Mens weet nie presies wat om van dié bewering te maak nie. Dat *hierdie* klas mense volgens die voorbeeldsin geen Bybel het nie, selfs by uitsondering, doen al enigszins ongerymd aan, maar dit terloops. Aangaande die koloniste se Nederlands noem hy drie feite: een algemene en twee besonderse, en by implikasie 'n vierde. Die eerste is dat die vryburgertaal van *suiwer* Nederlands

verskil. Dit is 'n heel belangrike algemene vasstelling. Die verskil lê blykbaar o.a. daarin dat spesifiek die mans se uitspraak afwyk („sie nehmen das Maul dabei sehr voll“) en dat die vroumense „Redensarten“ aangeneem het „die zuweilen recht lächerlich“ is. Blykbaar is daar *verskillende* sulke wendinge, waarvan hy slegs een voorbeeld gee. Ook hier beklemtoon hy die aantal afwykinge en stel dit met sy voorbeeld in relief. Die belangrikste spesifieke feit is seker wel dat die vrouens *ons heeft vir wij hebben* gebruik, maar is dit nou tot hulle alleen beperk? Tog seker nie. Hier kry ons in elk geval een van die vroegste vermeldings van *ons* as nominatief in die blankemond, en, let wel, dit kom voor by die gevestigde, bemiddelde ingesetenes in die distrikte, in die heelbeste plattelandse kringe. Hier ook verskyn in die bepaalde verband die werkwoord gedeeltelik gedeфлекteer.

Op die oog lyk dit al na 'n seker bewys dat die kolonistetaal in struktuur aansienlik verander het in die rigting van Afrikaans. Maar Mentzel praat ook oor *die graad van afwyking*, en daarmee verloor sy argument veel van sy krag. Boere-Duits is wel geen afsonderlike Duitse taal nie, kan dit nie wees nie, en Boere-Hollands stel hy hiermee gelyk. Miskien moet ons die vergelyking so verstaan dat die Kaapse Boeretaal in klank- en vormleer en wending veel vryer, ongebondener, onskoolser is, d.w.s. hoewel dit nog ongetwyfeld Nederlands is, is dit Nederlands wat al die uitslag van „die Afrikaanse masels“ op die lyf het. Ons het egter meer regstreekse bewyse uit die taal self nodig voordat ons tot nuttige insigte kan geraak.

Die implikasie van die aanhaling is dat die stedelinge, altans die beste kringe onder hulle (om dit met sy klas (b) gelyk te stel) suiwer Nederlands praat, omdat Mentzel dit hier waar hy van afwykings praat, by wyse van teenstelling uitdruklik het oor die „Sprache der Landleute.“ In die paar Nederlandse sinne in die mond van mense in die hoofstad is die taal dan ook altyd in die haak. Aan die ander kant is daar in Kaapstad tog ook verskeie rentenerende „Landleute.“

§46. Die taalkring van die „Overbergsche” en „Achterveldsche” trekboere.

Dit is hoofsaaklik om ekonomiese redes dat die „Eerste Groot Trek” begin het, soos dr. Gie dit noem. Die mark is oorvoer met graan en wyn, en die akkerbou het gevolglik minder goeie vooruitsigte gebied. Tussen 1717 en 1743 is daar byvoorbeeld heel weinig grond vir landbou uitgegee (*Trek 5*). Veeboerdery het nou winsgewender geword; nie alleen het dit ’n geringer aanvankskapitaal vereis nie, maar die bedryfskoste is ook laer, die vervoerkwessie met die klein trekwaens is vir veeboere geringer en die arbeid verbonde aan hierdie bedryf is ligter. Dit alles begunstig die opkoms van die veeboerdery en die gevolglike trek na die binne-lande toe, teen hulle uitdruklike begeerte in, aangehelp deur die Kompanjie se onsekere grensbeleid.

Die landbouende *grondeienaars* het vir die bybedryf van veeteelt weilisensies gekry; dit gee hulle die reg om in streke wat net vaag aangedui is, bv. in de „Groene Kloof,” saam met ander veeposhouers gemeenskaplik die vee te wei. Na W. A. van der Stel se val word weiregte toegestaan ook aan mense wat *nie* grondeienaars is nie en wat veeteelt as ’n *hoofbedryf* gaan beoefen. Maar nou is hulle nie langer met ’n algemene weilisensie tevrede nie — hulle wil nou alleenreg op hulle stuk weigrond hê waar hulle posstaan, en so ontstaan deur gebruik partikuliere weiregte en die stelsel van leningsplase waarvoor die Kompanjie jaarliks ’n bedrag as rekognisiegedelde van die pagter ontvang. Dié stelsel gee die veeboerdery ’n vaste grondslag. Party boere in gunstig-geleë, d.w.s. waterryke plekke begin na aan die baken opstalle bou en selfs tuin maak, byvoorbeeld om eie broodkoring te wen, asof hulle op eiendomsplase woon.

Die trek van die Boland uit het in twee hoofrigtings gegaan: noordwaarts en ooswaarts, telkens tussen die kus en die bergreekse wat parallel daarmee loop. Omdat dit, soos later uit prof. S. A. Louw se studies sal blyk, taalkundig van belang is, moet ons die trekrigtings duidelik aandui.

(a). Die noordwaartse trek het aanvanklik geen natuurlike hindernisse ondervind nie en is daarom die eerste gevolg, totdat die droë, woestynagtige streek oorkant die Olifantsrivier teen 1730 bereik is. Die sandwêreld het die uitbreiding vorentoe tussen die kus en die berge bemoeilik, en nou begin die boere oor die berge self trek na die Koue- en Warm-Bokkeveld toe. Dit was geen maklike werk nie. Om oor die berge te kom, moes die boere soms hulle waens aflaaï en uitmekaar maak en dan sowel die vrag as die wa stuksgewyse oor die berge vervoer (Valentyn V 37). So het die berge isolement bevorder.

Teen 1740 trek die mense uit die Bokkeveld deur die Klein-Karoo en vestig hulle mettertyd langs die noordelike hange van die Roggeveldsberge waarvandaan hulle trek in ooswaartse rigting sal omhoog na die Nuweveldsberge om dit teen 1760 te bereik.

(b). Nadat W. A. van der Stel se veeplase opgehef is, kon die koloniste ook ooswaarts uitbrei oor die Hottentots-Holland- en die Drakensteinberge. Die kuskant van die berge was steil en die ongemaakte bergpasse (Hottentots-Hollandkloof, vandag Sir Lowryspas; die Olifantspad, vandag die Franshoek-Villierspas; en Du Toitskloof) baie gevaarlik vir waens. Maar eers oor die berge, het die trek ooswaarts langs die suidkus en die Langebergreeks gevorder totdat dit teen 1730 deur digte woude gestuit is. Nou het 'n klomp veeboere oor die Langeberge self gesukkel, bv. by Kogmanskloof, en daarna weer ooswaarts geswaai tussen die Lange- en Swartberge langs, om later die oostelike punt van (a) hierbo te ontmoet, en die Xhosas.

Ten einde die taalfaktore op te spoor, moet ons ook let op die maatskaplike toestande onder die trekboere. Hulle het vereers nie tot die rykes behoort nie; hulle was mense wat die ontberinge van die trek aangedurf het om hulle posisie te verbeter, en daarby meestal mense wat die lewe nog voor hulle gehad het, d.w.s. jonk of middeljarig.

Hulle het nie groepsgegewyse getrek nie. Die basis

is die enkeling met sy gesin. 'n Tipiese pioniersdistrik bestaan sodoende uit 'n aantal individualistiese gesinstreкке, los van mekaar en in geen groep georganiseer nie, dus uit mense wat uit verskillende streke *toevallig* bure van mekaar word. Hulle is nie sterk aan 'n bepaalde standplaas verbonde nie en versit maklik as byvoorbeeld die weiding sleg of die water skaars word of die buurman se rook gesien kan word. Dit skep 'n ideale toestand om taalneigings wat andersins onder bedwang gehou word, vryer ontwikkelingskanse te gee.

Wye verspreiding en dunbevolktheid is kenmerke van die manier van kolonisasie. Daar was 'n soort van minimum afstand tussen plase in goeie streke, en wel van 'n uur se stap te voet — gewoonlik was dit veel meer en ons verneem van plase wat twaalf uur ver uit mekaar gelê het. 'n Plaas was nooit kleiner as 3,000 morge nie. In 1748 was daar 4,508 blankes, klein en groot, dus net onder 2 blanke per vierkant myl, volgens E. Stockenstroom se beraming van die uitgestrektheid van die Kolonie.

Onder die baie faktore wat die toestand te voorskyn geroep het, noem ons veral een: isolement ten opsigte van bure, die regering en die mark. Walker kenskets hierdie periode dan ook graag as „the Diaspora.” Die gewone trekwa was swak, klein en langsam, die paaie selde meer as ou waspore, goeie passe het net so min bestaan as brûe, die driewe was primitief en 'n reis oor die algemeen moeilik en ongerieflik. 'n Gesin kon geen lang reis te perd onderneem nie, en so kan dit verstaan word dat die pioniers prakties afgesny was van die verwyderde beskawingsentrums. Toe die goewerneur in 1744 aan die landdros van Swellendam 'n opdrag gee, was hy erg in die verleentheid hoe om dit tot die kennis van die betrokke grensboere te bring vanweë die afstand, „als zijnde ruijm 20 dag rijsens van hier, en wel de meesten van dien tijd sonder wooningen of menschen op weg aan te treffen” (*Trekboer* 137).

Een gevolg van die afsondering deur afstand, vervoermoeilikhede en geografiese hindernisse was dat die

pioniers sover as moontlik selfversorgend moes wees. Die boer was ook messelaar, houtkapper, timmerman (eie huisraad), smit, wamaker, slagter, leerlooier, skoenmaker ens., die vrou het klere (dikwels uit gebreide velle) gemaak, seep gekook met gannabosloog, water- of vormkerse gemaak, was verpleegster en kok, ens. So het die familie 'n selfstandige produserende eenheid gevorm (*Trekboer* 203) en moes hulself met weinig tevrede stel. Meubels was min en primitief, klere net vir die nuttigheid, kos sonder veel verskeidenheid. Die huise was matjieshutte wat lig, goedkoop en maklik vervoerbaar was.

Die veeboer het die binneland oopgemaak. En dit was ook hy wat sy afhanklikes en besittings teen wilde diere en vyandiggesinde inboorlinge moes verdedig. Daarom was die skietgeweer altyd oor die skouer of byderhand. Maar hy het hom nie net verdedig nie — hy het ook „vir die pot” geskiet, byvoorbeeld vir die tipiese gereg „vleesch tot vleesch,” waar maer, windgedroogde wildsvleis en dan opgekook, geëet word saam met vet slagvleis in die plek van brood en groente, wat skaars en meestal onverkrygbaar was.

Die veeboer was dus ook jagter, en hy het nog verder gegaan: hy het ook vir die mark geskiet, want omtrent een keer so elke een of twee jaar het hy die wa vol gelaai om sy ivoor, seekoei- of wildsvelle e.d. produkte in die Kaap te gaan verruil vir skietgoed, suiker, tee ens., — in daardie dae was winkeliers nog veral produktehandelaars. Dr. P. J. van der Merwe, uit wie se drie werke ek vir hierdie afdeling nog voortdurend geput het, gee die volgende definisie: „Op hierdie wyse het die halfnomadiese, vleesetende jagterveeboer ontstaan, die *trekboer*, wat dwarsdeur die loop van ons pioniersgeskiedenis op die voorposte van die beskawing gestaan het, en gedurende die agtiende eeu 'n groot stuk van Suid-Afrika vir die witman verower het voordat die Bantoe, wat weswaarts uitgebrei het, te ver gevorder het.” (*Trekboer* 62).

Hy was selfs meer as voorloper en baanbreker van die

land: hy word veral ook die verdediger daarvan. Waar die vee deur groepe inboorlinge geroof, die veewagters gedood, plase oorval en gesinne uitgemoor is — en dit het gewoonlik in die grensstreke gebeur — moes strafkommando's op die been gebring word om spoedig te kon optree, byvoorbeeld om geroofde vee terug te vat. Die eerste suiwer burgerkommando dateer uit 1715 toe dertig berede burgers onder Hans Potgieter as die kommandant van hulle eie keuse plunderende Boesmans agterna gesit het, d.w.s. die werk van die soldate oorneem het. Sedertdien was dit 'n gewone wyse van optrede wat veral 'n eie organisasie in die volgende tydperk sal kry en groot magte ontvang. Dit het die verspreide mense dae-, soms selfs maandelank bymekaar gebring, en in taalopsig moes dit betekenis gehad het.

Die aantal jagters en veeruilers was te min om aan hulle as 'n groep veel waarde as taalvormende krag te heg.

Om saam te vat: hier oorkant die „Bergen van Afrika” leef 'n taalgemeenskap wat deur isolement en beweeglikheid prysgegee is aan die werkinge van vryer, „spontane” taalontwikkeling op 'n wyse wat daarvoor veel gunstiger was as in 'n gemeenskap soos in Kaapstad of in die „Voor-Colonie” waar die behoudende en korrigerende kragte 'n konserwatiewer orde help bewaar het.

Hoe het hierdie kring se taal daar voor 1750 uitgesien?

Ds. W. Postma het in *Die Brandwag* van 1 Maart 1912 (bl. 626-627) 'n brief van J. J. van Rensburg aangehaal as bewys van sy mening dat Afrikaans toe al spreektaal was. Mnr. L. C. van Oordt neem dieselfde brief as nr. 1 van sy kwartaalblad *Die Kaapse Taalargief* (Nov. 1947) op. Dit val aan die einde van ons periode (1750) en ek haal dit volledig aan as voorbeeld van die taalgebruik van 'n vooraanstaande grensboer — hy is immers tot veldwagter van sy streek gekies. Die skrywer is gedoop in 1709 as seun van die stamvader. Hierdie Afrikaner, nou net oor die 40 jaar oud, boer naby die mond van die Gouritsrivier, nie alte ver van Mosselbaai

af nie. Mnr. Van Oordt meen die brief is waarskynlik in Van Rensburg se eie handskrif, „baie soos dié van 'n kind,” en die brief getuig ook dat hy hom ontuis met 'n pen voel.

„Aan myn heer mijn heer landros johan anderis hoorag woont aan swellendam.

aan mijn heer landros een bekent maaking dat mijn kinders inde duijnen gereeden is om vlees te schieten Soo hebben Sy een Schip gevonde maar niet te weeten wat voor een schip dat het is maar daar is mensche op een plank aan de Strant gekoomen by mijn kinders Soo heef myn kinders mijn aanstonds een hottontot gestuert Soo als de hottontot seg soo bennen daar seeven meenschen aan de strant gekoomen

verblyve u onder danigste dinst willige Die naar
johannis jans van rens Burg
het is onder aan gouwers ravier

(N.S.) den 8(sten) heef myn kinde(rs) de schip gevonde(n) De 9 Agu(stus) A 1750”

Die skryftaal hoef nie presies ooreen te stem met Van Rensburg se gewone spreektaal nie, maar ons bou ons argument daarop dat dit so ongeveer 'n goeie weergawe is. En miskien heel tereg as ons o.a. let op die spelling van persoons- en plekname (gouwers ravier), van *landros*, seg e.d.m., of op die gebruik van *mijn* (*gestuert*), toe gewoon in die spreektaal, ens.

In feite is die taal van hierdie pionier nog Nederlands. Die hele gedrag is nog in ooreenstemming met die Nederlandse taalaard. Daar kan geen twyfel oor bestaan nie.

Dit is egter 'n Nederlands wat vol roeskolle is. Wat die sterkste opval, is dat die getalsonderskeiding by die werkwoord onseker geword het, bv. myn kinders *is* gereeden, *heef* gestuert . . . Vier uit die ses keer is die mv. van die ww. in die gedrang. Die enkelvoudsvorme tree graag op in die plek van die meervoudsvorme en nie andersom nie, sodat dit die weg van die ontwikkeling al aandui. In die hele kompleks van verskynsels wat die Afrikaanse werkwoord gaan kenmerk, staan ons hier by

die heel-eerste stap, die waarskynlike wegspringplek. Hieroor meer in die volgende periode. 'n Ander vlek is dat die genusverskille by die snw. ook nie langer goed uiteengehou word nie, bv. *de schip naas wat voor een schip dat het is*, en twee keer *de* i.p.v. die gewone *het strand*.

Sekere aspekte van Nederlands word kenlik al nie meer konserwatief genoeg bewaar nie. Die taal vertoon in party opsigte by die ww. en snw. (en waarskynlik by die vnw.) sensuueagtigheid. Nogtans is die afwykings betreklik vlak en *kon* hulle, mits die toestande daarna was, nog gekeer word. Ons het egter juis gesien dat die maatskaplike en kulturele toestande sodanig was dat aan sulke ontwikkelinge vrye baan gelaat word.

Nou moet ons ook 'n paar ander kragte in aanmerking neem.

§47. Die samestelling van die bevolking: algemeen.

Die burgers het jaarliks op publiek aangekondigde dae en plekke onder eed 'n opgaaf van hulle gesinsterkte en besittings moes maak. Dr. C. Beyers het in die Rijksarchief Den Haag die opgaafrolle van die Kaapse burgers vir die jare 1701—1793 kon raadpleeg, en in Bylaag H (240—249) van sy studie *Die Kaapse Patriotte* (s.j.) bring hy die belangrike outentieke gegewens byeen. Daaraan ontleen ek die volgende:

Jaar	Volwassenes			Kinders			Groot To-taal	Persentasies	
	Manl	Vroul	To-taal	Manl	Vroul	To-taal		M : V	Volw : Kind
1701	418	242	660	295	310	605	1265	63:37	52:48
1706	513	290	803	426	412	838	1641	64:36	49:51
1711	545	397	882	462	412	874	1756	62:38	50:50
1713	517	286	803	397	385	782	1585	64:36	51:49
1718	691	390	1081	490	482	972	2053	64:36	52:48
1723	679	433	1112	544	589	1133	2245	61:39	50:50
1728	787	493	1230	706	777	1483	2713	60:40	45:55
1733	793	547	1340	839	895	1734	3074	59:41	44:56
1738	901	641	1542	993	1077	2070	3612	58:42	43:57
1743	1075	700	1775	1023	1172	2197	3972	61:39	45:55
1748	1294	830	2124	1086	1298	2384	4508	61:39	47:53

Die uitwerking van die pokkies-epidemie op die blankes kan in die syfers van 1713 gesien word: toe is die totaal volwassenes weer terug by dié van 1706, en by die kinders was die verlies nog groter, d.w.s. meer as sewe jaar se aanwas is deur die pokkies versind.

Nie net in die eerste helfte van die agtiende eeu nie, maar gedurende die hele eeu veral het die bevolking hom elke 25 jaar telkens verdubbel, 'n feit waarop Colenbrander in 1902 al gewys het (108). Dit is 'n snelle groeiproses, te meer aangesien die vermeerdering deur immigrasie persentatief gering was. Die aanwas het die karakter van konstantheid aangeneem *en eintlik onafbanklik van Europa geword*, bevorder deur die gunstige lewensmoontlikhede hier.

Die twee belangrikste versterkende faktore moet opnuut genoem word, juis omdat hulle nóg kragtiger tot openbaring kom.

(a). Waar daar in 1660 ten opsigte van die volwassenes een vrou teenoor elke drie mans was, het die verhouding langsamerhand ten gunste van die vrou verbeter; omstreeks 1700 was daar een vrou teenoor elke 2 mans, en gedurende die tweede kwart van die agtiende eeu 2 vrouens teenoor elke 3 mans, 'n verhouding wat ook vir die res van die eeu betreklik konstant sal bly. Op die betekenis hiervan is vroeër reeds gewys om familiële taalhaarde te stig. Die vrou se waarde bly besonderlik groot.

(b). Wat die kinders betref: in 1660 was daar een kind teenoor elke drie volwassenes; van 1670—1700 twee kinders teenoor elke drie grootmense; gedurende die eerste kwart van die agtiende eeu was hulle ongeveer gelyk en in die tweede kwart het die kinders getalsterker geword. Dit beteken die verjeugdiging van die volk en moet toegeskryf word aan jong prokreatiewe huwelike en kinderryke gesinne. Dit is veelbetekenende taalfaktore in die rigting van verswakking van die korrigerende kragte sodat aan „spontane” ontwikkeling, byvoorbeeld langs die weg van analogie, ruimer kans gegee word en daardeur word ook op glibberige terreine groter onseker-

heid geskep, bv. ten opsigte van die handhawing van genusverskille. Die kind word in hierdie eeu eers werklik 'n belangrike taalfaktor.

§48. *Die samestelling van die blanke bevolking: immigrasie en heterogene elemente.*

Die nuwe inkomelinge word nie afsonderlik in die burgerrolle aangegee nie. Colenbrander se gegewens i.v.m. prokreatiewe stamouers onder die burgerbevolking bevat egter aanduidings aangaande die nuttigste groep immigrante. In tabel E (116) rangskik hy hulle in periodes van 25 jaar en na nasionaliteit. Daaruit 'n paar gevolgtrekkings.

(a). *Nederlandse element.* Die eerste kwart van die agtiende eeu bevat die grootste aantal Nederlandse stamvaders sowel as die grootste aantal stammoeders wat hulle in enige enkele kwarteeu voor 1800 in hierdie land gevestig het. Die stamvaders loop voor in die verhouding van drie uit elke vyf (234 uit 392), en die Nederlandse moeders maak vyfsesdes van die totaal moeders uit (106 uit 132). Hulle taalinvloed is natuurlik veel-veel groter, soos ons vroeër probeer aanneemlik maak het. Die een-sesde nie-Nederlandse moeders is bv. versprei oor ses verskillende nasionaliteite, drie nasionaliteite verteenwoordig deur een moeder elk, een deur twee, en behalwe die sewe Franse is almal van wie die herkomswoord bekend is, Germaans. Daarby het die nie-Nederlandse moeders gewoonlik nie met hulle eie landgenote in die huwelik getree nie, dog wel met Afrikaners en Nederlanders.

Die tweede kwart van die eeu gee in een opsig heeltemal 'n ander beeld te sien: die stamvaders uit Nederland (73 in getal) neem numeriek die tweede plek in en staan die eerste plek af aan Duitse stamvaders (hulle tel 177). Die Duitse stamvaders is nou omtrent $2\frac{1}{2}$ maal soveel as die Nederlandse vaders. Hierdie eerste plek sal die Duitsers standvastig vir die res van die eeu behou. Maar aan die ander kant behou die Nederlandse stammoeders die volstreekte oorwig: uit 'n totaal van 81

in hierdie kwarteeu is 63 uit Nederland afkomstig, d.w.s. sewe-negendes. Die hele eeu deur sal die Nederlandse moeders numeriek voorloop, al word die verhouding vir hulle aanmerklik ongunstiger.

Weereens blyk die waarde van die moeders om die on-Nederlandse elemente te wen, te bewaar en in te skakel ten opsigte van die Afrikaans-wordende Nederlandse taal en kultuur.

Aangaande die oorspronklike verspreiding van hierdie Nederlandse stamouers oor die dialekgebiede van die moederland is ons nog nie ingelig nie.

(b). *Die Duitse element.* Melding is reeds daarvan gemaak dat die persentasie Duitse stamvaders in die agtiende eeu geweldig toegeneem het. In die eerste kwarteeu was daar 101 Duitse vaders uit 'n totaal van 260 (39%), en in die tweede 25 jaar (1726—1750) 177 uit 'n totaal van 268 (66%).

Hulle invloed as Duitsers was egter nie groot nie. Behalwe in Kaapstad was groeppvorming naastenby uitgeslote, en as vaders het hulle omtrent geen Duitse gesinne gestig nie. Volgens Colenbrander het alleen 7 Duitse stammoeders in die eerste kwarteeu volgende op 1700 uitgekom, en 10 in die volgende, dus altesaam 17 Duitse stammoeders (J. Hoge stel die getal hoër, *Kult. gesk.* I 156) teenoor 278 Duitse stamvaders, d.w.s. een elke drie jaar. Van die 278 was net sewe met Duitse vrouens gedurende die 50 jaar getroud; die ander is met Afrikaners en Nederlanders getroud, net soos die res van die vrouens. Tweedens het die noue taal- en stamverwantskap bygedra dat die Duitsers nie alleen maklik kon opgaan in die Nederlands-Kaapse verband nie, maar dat hulle ook graag *wou* assimileer. Simon van der Stel het hulle al as besonder geskikte immigrante geroem omdat hulle hulle as maklik assimileerbaar getoon het. Die faktore is vroeër al genoem. Die waarde van ondertrouing sal aanstons nog sprekend bewys word. Alleen een feit kon die meeste Duitsers as groep teenoor die ander stel: hulle was gewoonlik Lutherane, maar aangesien daar nog geen aparte kerk vir hulle toegelaat

was nie, is hulle ook kerklik by die ander dele van die bevolking ingelyf en is dié sterk faktor van skeiding uitgewis.

(c). *Die Franse element.* Die Franse element het weinig versterking uit Europa ontvang. Op bl. 116 van sy studie besyfer Colenbrander die getal Franse stamouers tussen 1701 en 1750 op 23, en onder hulle was daar slegs vier huwelike waarby sowel vader as moeder Franse was en dus Franse gesinne kon gestig het. Gemiddeld een Franse immigrant elke twee jaar kan darem nie veel betekenis hê nie en ons mag hulle as faktor gerus veronagzaam.

Belangriker vir ons doel is die taalinvloed wat van die Hugenote in hierdie periode kon uitgegaan het. Ons het die taaltoestand onder hulle gedurende die eerste twintig jaar van hulle vestiging aan die Kaap probeer skets en bevind dat hulle aan hulle taal verkleef was en dat diegene wat as volwassenes gekom het, nie veel gedoen het om Nederlands aan te leer nie. In 1703, so word berig, het net effens meer as 'n vyfde van die volwasse Hugenote in Drakenstein 'n preek in Nederlands maklik kon verstaan. Die kinders het egter al Nederlands fluks aangeleer.

Dit is des te verrassender om te sien hoe die sterk kultuurbewuste Hugenote, toe die proses eers begin het, so spoedig en volledig ontfrens geraak het. Teen 1750 het die vernederlandsing van hulle hom reeds prakties voltrek. 'n Paar grepe uit hierdie geskiedenis is leersaam, en hiervoor bedien ek my van die uitstekende artikel van prof. J. J. Smith oor die onderwerp in *De Goede Hoop* van Nov. en Des. 1915.

Soos tot aan 1708 is die Drakensteinse gemeente gedurende die hele eerste kwart van die eeu bedien deur predikante wat Franskundig was, en buitendien het die sieketrooster Paul Roux tot aan sy dood in 1723 Franse preke voorgelees. Here XVII en die Klassis Amsterdam het wel die ideaal voorgehou dat die Hugenote Nederlands magtig moes word, maar hulle was voorlopig nogtans elke keer lankmoedig genoeg om aan die versoeke van

die Drakensteinse kerkraad te voldoen om ter wille van die ouerige mense iemand as predikant te stuur wat Frans kon praat.

Op 26 Maart 1713 skryf die kerkraad o.a. aangaande die kennis van Nederlands onder die gemeente: „Doch alsoo hier veel oude lieden zijn, die de Duytsche taal niet wel leeren kunnen, was het ten hoogste noodig, dat ons een predikant mogt toegevoegt worden, die beyde Duytsch en Frans kost; was het niet, om in beyde tale te prediken, ten minste zouw het zeer dienstig zijn, om in 't particulier de oude liede, in die Franse taal, te vermaanen en te vertroosten, uyt Godes heylig Woort; want wat de kinderen aangaat, die worden in de Duytsche taal onderweesen, en daarom Godts Woort mettertijd in die taal genoeg zullen leeren verstaan, daar de oude liede niet toe koomen kunnen.”

Ds. P. van Aken is toe tot predikant benoem, en in die brief van die Klassis Amsterdam waarin dit meegedeel word, staan daar met die oog op die verblyf van die Hugenote aan die Kaap gedurende 25 jaar reeds o.a. „Want wij konnen UEws versekeren, dat vreemt schijnt, dat men in sulken langen tijd soveel Nederduyts niet soudon konnen leeren, dat men ten minsten een ander, in die taal sprekende, soude konnen verstaan . . .”

Daar is toe elke Sondagmore twee dienste gehou, een in Nederlands en een in Frans, laasgenoemde deur ds. Paul Roux gelei. Na sy dood in 1723 is die regering versoek om weer 'n Franskundige dominee aan te stel „dewijl er nogh vijf à ses en twintigh oude Fransche lieden waren.” Na ds. Van Aken se dood in 1724 is hy opgevolg deur ds. L. Slicher wat Frans magtig was. Franse preke is deur die koster Jeremias Roux voorgelees tot hy in 1726 ontslag ontvang het, en daarmee het die Franse dienste te Drakenstein ten einde geloop. Die kerkraad het nie meer in die bresse getree vir „oude lieden” wat vanweë hulle gebrek aan kennis van Nederlands die godsdiensoefening nie kon volg nie. Waarskynlik was hulle getal, in 1723 nog op 25 of 26 gestel, te gering dat dit 'n versoek kon regverdig, want daar sal

seker nog onder hulle enige gewees het wat nie goed met 'n Nederlandse preek tereg kon kom nie. Die hooffeit is dat kennis van Nederlands teen 1726 betreklik algemeen onder die Hugenote geword het. Omtrent almal kon dit praat en verstaan; die paar moontlike uitsonderinge vind ons onder die ou mense.

Die weë waarlangs dit geskied het, was voortdurende aanraking met getalsterkere en minstens ewe kultuurbewuste nie-Franssprekende koloniste, aanlering van Nederlands deur die kinders op skool en in die omgang, ondertrouing met koloniste waardeur die taal vanself Nederlands geword het, nie net van die egpaar nie, maar ook van die kroos, en dan die *wil* om op te gaan, om die verset prys te gee. Die brug is so geslaan om van Frans tot Nederlands te kom. Uit noodsaak het hulle tweetalig geword, uit eie begeerte later eentalig.

Soos gesê, is die toestand van vernederlandsing teen 1750 in hoofsaak al bereik. Toe het die Hugenote-afstammeling op wie dit nog eintlik aangekom het, hulle moedertaal reeds volkome vir Nederlands verruil. Die ab De la Caille het Drakenstein en Franshoek in Mei 1752 besoek en hy vertel dat hy niemand onder die 40 jaar hier in die hart van die Hugenote-nedersetting gevind het wat nog Frans kon praat nie, tensy hy uit Frankryk kom. Hoewel hy nie wil verseker dat dit absoluut algemeen is nie, doen 'n uitsondering hier of daar wel niks af aan die feit dat Nederlands die algemene en enigste taal onder die Hugenote-afstammeling van veertig jaar en jonger teen 1750 geword het nie. (N. L. de la Caille: *Journal Historique du Voyage fait au Cap . . .* (1763), bl. 170). Ons kan die gang van die geskiedenis naastenby so saamvat wat die hoofmomente altans betref, en sê dat die Kaapse Hugenote die eerste 20 jaar (1688—1708) vir die behoud van hulle taal en nasionale identiteit gestry het — nie sonder sukses nie; dat hulle in die daaropvolgende 20 jaar tweetalig geword het (1708—1726) en vervolgens na nog 'n geslag eentalig-Nederlands.

Die Hugenote kon dus op tweërlei manier op die taal van die koloniste invloed gehad het: (a) regstreeks deur

die Franse taal wat hulle hierheen gebring het, sodat inwerking langs hierdie weg veral gedurende die eerste veertig-vyftig jaar die sterkste moes gevoel gewees het; en (b) onregstreeks, naamlik deur die Nederlands wat hulle hier as vreemde taal aangeleer en miskien onsuiver gepraat het, vervorm na aanleiding van hulle eie taal-idioom. Hierdie invloed van die Franse se krom-Nederlands moes hom dan laat geld het van ongeveer 1725 af.

Aangaande die eerste vraag of daar uit die Frans van die Hugenote regstreeks invloed op die koloniste se Nederlands uitgegaan het, is die antwoord dat daar tot dusver slegs 'n heel geringe aantal woorde met redelike sekerheid aangewys is. Prof. Boshoff vat die uitkomst saam in sy *Etimologiese Woordeboek* en noem die volgende: *bermot-sersan(-peer)*, waarvan die tweede lid, uit Fr. *crasane* of *cras(s)ane*, 'n ondersoort van die bermotpeer, waarskynlik regstreeks uit die Hugenote-Frans afkomstig is; *parwee-* of *parwie* (perske), uit Fr. *pavie*, na die pleknaam *Pavie* in Italië waarvandaan die perskesoort ingevoer is; *pompemoer*, ook *pom-* of *pampelmoes(ie)*, uit Fr. *pomme d'amour*, waarnaas Afr. *appelliefie*; *sermein(-peer)* uit (*Saint*) *Germain*. Dit is almal vrugtename en dus beperk in gebruik en streek. Sulke ontleninge van in 'n seker sin bloot tegniese woorde is dus eintlik toevallig en sê heel weinig. Hulle tas die wese van die taal nie aan nie.

Die onregstreekse invloed het vereers waarskynlik daarin bestaan dat baie van die Franse ontleninge en vertalinge wat voor 1688 tot Nederlands toegang verkry het, onder Hugenote-invloed stewiger pos gevat het. Die invloed van Frans op Europees-Nederlands duur al sedert die middeleeue voort en het groot afmetinge aangeneem. Toe Nederlands op die Kaap oorgeplant is, het dié woorde saamgekom soos, om 'n paar uit die massas te noem, *absent* (*op sent*) *advies*, *affêre*, *akkordeer*, *akkuraat*, *different*, *dosyn*, *kans*, *kantoor*, *kapabel*, *kasteel*, *kleur*, *kontant*, *lojaal*, *miserabel*, *okkasie*, (die drif is) *onpassabel*, *ordinêr*, *populêr*, (die gedaagde is) *present*,

reguleer, rojaal, ens. En nie alleen woorde nie, want die inwerking was veel dieper. Naas letterlike vertalings soos *grootvader, kleinseun, skoonmoeder, gevaar loop, die bof maak*, (vgl. *De Franse woorde in het Nederlands* deur J. J. Salverda de Grave, 1906, s.v.) is daar bv. nog die suffikse soos *-eer, -is, -ment, -teit* en veral die een wat in Afrikaans later so produktief geword het, nl. *-(er)y*.

'n Goeie aantal van die oorgeërfde Franse ontleninge het egter weer in onbruik verval, bv. *aksionabel*, iemand hou hom *égalité, permissie (parentage), presumasie*, (of *spesmasie*), *resnawel (raisonnable), verramponeer*, en *(on)passabel* hoërop reeds genoem, almal woorde wat nog in die negentiende en selfs tot in die begin van die huidige eeu veel gebruik was. Waar daar dus van die kant van die Hugenate 'n behoudende invloed op woorde van oorspronklike Franse herkoms uitgeoefen is, kon dit alleen vaardig gewees het solank die kennis van Frans geduur het. Met die verdwyning van Frans as spreektaal het gevolglik die grondslag vir die aktiewe behoud grotendeels ook verdwyn, wat wil sê dat hierdie invloed al weer nie veel kon beteken het nie, altans op die lange duur.

Die kragteloosheid van Frans as 'n beïnvloedende taal op dié Nederlands wat Afrikaans gaan word, blyk al uit dié manier waarop Franse voor- en familiname 'n verandering van uitspraak ondergaan het. Selfs hierdie gewoonlik konserwatiewe groep is, net soos alle ander ontleninge ook, by die taalaard en klankbou van die koloniste se Nederlands aangepas. Daar is verskillende terreine waarop dit geskied het. Klemverskuiwing sien ons byvoorbeeld in gevalle soos die volgende: *Blignout, Hugo, Lombaard, Minnaar, Olivier, Pienaar*, en klankaanpassing in die volgende: (i) die stemlose prepalatale frikatief word 'n stemlose alveolêre frikatief *s*, bv. *Charles-Sarel; Gaucher-Gous; (Le)Grange-Gransie; Terreblanche-Terblans*; (ii) die stemhebbende prepalatale frikatief verskyn as palataal in *Jordaan; Joubert*; (iii) die naam *Jordaan* laat verder sien hoe die 17de-eeuse Franse genasaleerde slotklinker hier uitgespreek word as

klinker-plus-volle *n*; vergelyk ook *Martin, Mouton* en by sommige *Malan*; (iv) die stemhebbende velêre klapper van Frans verskyn hier as 'n stemlose velêre glyer, bv. *Gaucher-Gous*; *Godefroy* (oorsp. Germaans); *Le/a Grange*; (v) die voornaam *Francois* verskyn as *Fransoois*, ook verkort tot *Soois*, ens. (Vgl. prof. P. de V. Pienaar: *Die klankbou van Afrikaans in Kult. gesk.* II 122).

Daar is verskillende grade van aanpassing. Aan die een kant is die oorspronklike 17de-eeuse Franse uitspraak en klem goed benader in die koloniste-uitspraak van name soos: *Bruwer* (ook *Bruère*), *Cilliers* (in verskeie spelvariante), *De Villiers* (Viljee), *Du Plessis*, *Fouche* (*Fouché*), *Fourie* (*Fourié*), *Joubert*, *Marais*, *Naude* (*Naudé*) *Retief* (*Retif*), *Rousseau*, *Roux* en vele meer. Die meegebragte spelling is hier in hoofsaak goed bewaar; dit geld trouens van die meeste Hugenotenname. By name soos *Labuschagne* en *Viviers* heers nog heelwat vryheid van uitspraak, en ook *Malberbe* vertoon meer as een uitspraak; veral eersgenoemde twee is al weer 'n stappie verder op die pad van aanpassing, die verste wel gevalle soos die volgende waar ook die spelling soms blyke daarvan aflê: *Blignout* (*Blignault*), *Buys* (eers: *De Buys* of *Du Buis*), *Cronje* (*Cronier*, *Crosnier*), *Gous*, *Minnaar* (*Mesnard*), *Nortje* (*Nortier*, *Nourtier*), *Pienaar* (*Pinard*), *Senekal* (*Senecal*, *Senechal*), *Tberon* (*Tberond*), *Viljoen* (*Villion*)¹). Verskeie voorname het in hulle eg-Franse vorm hier by ons in gebruik afgeneem of verdwyn, of kom in Nederlandse variant voor: *Claude*, *Claudine*, *Estienne*, *Guillaume*, *Hercule*, *Jean*, *Josué*, *Madeleine*, *Matthieu* e.d.m., ander was lewensvatbaarder. (Vgl. C. G. Botha: *Die Kaapse Hugenote* (1939), bl. 69-150).

Naas die regstreekse inwerking van Frans self, is daar as tweede manier van beïnvloeding die faktor van die Nederlands van die Franse nasate genoem. Dit is

¹) Daar het 'n plat uitspraak van baie van die name bestaan, bv. *Pelsie*; *Frie*, *Malerm*, *Fijoen*, *Fijee*, net soos by name van Nederlandse oorsprong ook. Skoolinvloed het hieraan veel verander in die rigting van 'n spelling-uitspraak.

aangeneem dat die Hugenote-afstammeling van, sê 1750 toe Nederlands onder hulle reeds algemeen geword het, nie die taalvorm van die koloniste suiwer gepraat het nie. Die veronderstelling is dat hulle 'n soort van krom-Nederlands gebruik het, dit is, dat hulle die Nederlandse idioom en artikulasie verander het onder invloed van die ooreenstemmende neigings uit hulle moedertaal van vroeër. Hierdie krom taal het nou op sy beurt die taal van die ander blankes gaan verander, en so het Nederlands omgevorm geraak tot Afrikaans. As bewyse is onder andere aangevoer: nasalering, die bry-*r*, *ons* vir *wij*, meervoudsvorming met -*s*, die dubbele *nie* en reduplikasies.

Geen enkele verklaring het so hardnekkig en so dikwels sy verskyning in die negentiende eeu gemaak of sulke vooraanstaande pleitbesorgers gehad as die Franse teorie nie (vgl. *Taalkundige Belangstelling in Afrikaans voor 1900*). Een rede was die romantisering in verband met die koms van die geloofshelde, byvoorbeeld dat hulle as mense veel hoër as die ander koloniste gestaan het, maar meer nog die feit dat hulle getalsterkte en invloed oorskot was. So sê die latere generaal Hertzog nog as student in 'n skerp polemiese artikel in 1891, verskene in die Amsterdamse studentebled *Propria Cures* II 28 (6 Mei 1891), die volgende oor die samestelling van die Afrikaners: „They call themselves Africanders, because they feel, that they are no more descendents of Dutchmen than of Frenchmen and Germans. They are properly the offspring of the old Huguenot refugees, whose religion they still embrace and whose religious instincts run through their every veins. Those amongst them whose names bear witness to their Dutch descent number at the utmost one third of the Boer population, whilst the names of Retief, Joubert, Marais, Hugo, de Villiers and others are household words.”

In 1896 verskyn die eerste akademiese proefskrif oor Afrikaans. Daarin sê dr. W. J. Viljoen, self 'n Hugenoteseun: „Den grössten Faktor im fremden Bestandtheil der europäischen Bevölkerung bildeten die Hugenotten . .

Während der Jahre 1688—89 kamen ihrer mehr als dreihundert am Cap an . . ." (*Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*, bl. 8).

Sulke oorskattings het meegehelp dat aan die Franse teorie soveel waarde geheg is, totdat twee studies kort na mekaar daarmee afgereken het. Prof. D. C. Hesseling het in *De Gids* van Januarie 1897 op taalkundige gronde afdoende kon bewys dat die feite wat tot dusver aan Franse inwerking toegeskryf is, anders verklaar moes word, en dr. Colenbrander se ondersoek na die bloedmenging het die persentasie Franse bloed op slegs 17% te staan laat kom volgens een manier van berekening, of op 11% volgens 'n ander (bl. 114), dus veel geringer as algemeen aangeneem was.

Tog sterf die teorie swaar. In *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel I (1945) en II (1947) merk ons dit by minstens twee geleerdes. Prof. P. de V. Pienaar poneer die stelling heel versigtig met die volgende bewoording (II 103-4): „Omrede hulle status sal hul krom-Hollands in die wordingsproses van Afrikaans 'n nie te miskenne rol gespeel het, nie soseer wat die woordeskat betref nie, maar veral ten opsigte van die morfologie en die klankbou val die invloed nie te miskenne nie, soos D. B. Bosman bewys." (My kursivering).

Vreemd genoeg, kon prof. Pienaar geen enkele geval van invloed op die klankbou oortuigend aanvoer nie! (Vgl. 120-122).

Uitgesprokener is dr. F. C. L. Bosman wat met growwe hael skiet as hy sê (I 202-3): „Ten spyte van besware wat ingebring is, voel ek nog altyd nie oortuig dat ons Franse invloed heeltemal kan uitskakel in die volgende gevalle nie: die ontwikkeling van die dubbele negatief nie nie (Fr. ne pas); die ontwikkeling van die nasalering in Afrikaans . . . ; die ontwikkeling van die hè- of nè-interrogatief in Afrikaans (Fr. hein); die bestaan van die bryklank ,r', juis besonderlik in streke soos Malmesbury, Paarl en Caledon, naby die haard van die Hugenote-vestiging. Vir my klink hierdie ,r' baie na die ,r' wat ek in verskillende dele van Frankryk

gehoor het. Maar die belangrikste onregstreekse invloed van die Hugenote ten opsigte van Afrikaans is waarskynlik hul aandeel gewees in die vereenvoudigingsproses wat Afrikaans uit die oorspronklike Hollands ondergaan het. Dis 'n bekende verskynsel dat 'n taal, aangeleer deur vreemdelinge, en tot hulle eie gemaak, geneig is om te vereenvoudig (deflekteer, ens.) en die Hugenote was die oudste en grootste groep om die Hollandse taal aan te leer." (My kursivering).

Afgesien van die feit dat party stellings nie presies strook met die gegewens wat ons besit nie, sou ons graag meer oor die genoemde taalverskynsels wou gehoor het. Hoe word die Franse *ne . . . pas* (wat verskillende parallele het, onder andere in Grieks, in Middel-Engels, Middel-Duits, in die Middelnederlandse *en . . . niet*) met die Afrikaanse *nie . . . nie* in verband gebring? Die *ne* het 'n vaste sintaktiese posisie, naamlik voor die werkwoord of hulpwerkwoord, die eerste *nie* in Afrikaans nie. In 'n sin soos: *Hy het gister die beste op die vendusie gehad kan nie¹*, anders as *ne*, telkens op 'n ander plek staan volgens die bepaalde gedeelte wat in die ontkenning kom, en hy alléén druk die ontkenning werklik uit, aangesien *nie² vir die betekenis* as sodanig weggelaat kan word; *nie² se werk* is insonderheid psigologies en ritmies om die kern af te rond, nie om die gedagte nogeens te ontken nie. Terwyl Frans met *ne . . . pas* inderdaad twee keer 'n ontkenning uitdruk, telkens met twee aparte woorde, die tweede (oorspronklik altans) ter versterking van die eerste, doen Afrikaans dit eintlik net een keer. Hieroor later ter geleger tyd meer; nou wou ek enkel probeer aantoon dat die twee maniere van ontkenning struktureel heeltemal anders is en 'n verband tussen hulle hoogs onwaarskynlik voorkom. Oor nasalering moet ons ook eers meer hoor. Dr. Van Haeringen byvoorbeeld noem die nasalering van gevalle soos *gans, mens*, „een algemeen-Nederlandse neiging" (by Pienaar, ald. II 115). Dit moet ook verklaar word hoekom nasalering, gestel dat die neiging van die Hugenote-Frans kom of daardeur versterk is, in Afrikaans algemeen

geword het, maar die bry-*r* uit dieselfde bron so uifers beperk gebly het „naby die haard,” en nie eers daarbinne nie.

Soos by dr. F. C. L. Bosman en prof. Pienaar was dit ook by die ander voorstanders van hierdie teorie die opvatting dat die vernaamste invloed van die Hugenote op die kolonistetaal gekom het deur hulle krom-Nederlands, en daarom is dit nodig dat ons op hierdie repeterende argument effens nader ingaan. Hier moet ons twee vrae opwerp: (a) Het die Hugenote inderdaad 'n gebroke vorm van Nederlands gepraat? (b) Het die koloniste dit in so 'n geval werklik nagevolg?

Kromtaal ontstaan wanneer sprekers van een taal opeens gedwing word om gebruik te maak van 'n ander taal wat hulle sleg ken. Uit nood kom hulle dan met die paar opgetelde woorde en frases voor die dag, en van die „grammatika,” die sinsbou, die juiste artikulasie en intonasie kom daar heel weinig tereg, en die weinig berus dan op die gewoontes van die eie taal; byvoorbeeld as 'n Fransman in so 'n geval 'n begrip moet pluraliseer, sal hy dit waarskynlik ooreenkomstig die Franse taalaard doen. Op die laagste plan brabbel sulke mense hulle noodtaaltjie tot hulle eie en die hoorder se verleentheid, maar daar is ook grade van gebrokenheid en die krompraters mag later redelik goed oor die weg kom.

Nou moet ons aanneem dat sulke geleenthede ook hier met en na die koms van die hoofsaaklik eentalige Vlughtelinge voorgekom het. In sulke gevalle was dit ongetwyfeld die Franse wat 'n noodvorm van Nederlands gebruik het, en nie andersom nie.

Maar ons weet ook dat die volwasse Hugenote as 'n groep prakties eentalig gebly het gedurende die eerste twintig jaar of so, en die meeste oues van dae na sowat 1710, na dit skyn, tot aan hulle dood. Ons weet verder dat dit insonderheid die jeug was wat Nederlands aangeleer en mettertyd tweetalig geword het, soos die geskiedenis ons dit ondubbelsinnig vertel. Die proses het nogal langzaam verloop, immers, die ontfransing het *in die praktyk* nie gewelddadig plaasgevind nie, d.w.s. daar was

geen groot behoefte vir die skepping of instandhouding van 'n brabbelvorm nie. Dit het in die eerste plaas betrekking op die eentalige volwassenes en ouerige mense, want die Hugenotekinders (die meeste altans) het van vroeg af die landstaal ook aangeleer, en daar is hoegenaamd geen rede om te meen dat hulle dit gebrekkig gedoen het en krom of swak gepraat het nie. Kinders leer deur omgang 'n ander taal aan byna so goed asof dit hulle eie taal is. Dit sien ons vandag nog oor en oor waar Afrikaanse of Engelse kinders in seker streke opgroei, of waar blanke kinders in oorwegend Bantoegebiede woon. Alle gevalle kan nie gelyk gestel word nie, maar die waarneming hier gedoen, word in sy hoofstrekking deur verskeie studies bevestig (vergelyk bv. Jespersen: *Language . . .* (1922) 203). Interessant t.o.v. die graad van vereenselwiging met 'n dialek by kinders is party gegewens wat E. H. Babbitt ons in die orgaan van die American Dialect Society (*Dialect Notes* I 457 e.v.) verstrek. Hy het 'n studie van die besondere dialek van Nieu-York in 1896 gemaak en sê oor die nuwe intrekkers, insluitende Amerikaners en Engelse: „If they come as children, they conform completely very soon. I think that no child under ten retains any trace of any other pronunciation after two years in New York school and street life . . . Adults and youths in the teens are slower to change their habits . . .”

Dit is nie nodig om oop deure verder oop te skop nie. Die Hugenotekinders sal wel goeie Nederlands gepraat het, naastenby net so goed as die kolonistekinders self, en dit sou hulle gehandhaaf het, ook toe hulle volwasse was en in die tweede en derde geslag heeltmaal Nederlands van taal en Kaaps van sentiment geword het. Dit is onbillik om hulle die volle eer te ontsê wat hulle regtens toekom as voortplanters van goeie, nie-gebroke Nederlands soos hier in die land aangeleer.

Die enigste wat hulle van krom-Nederlands sou moes bedien het, was veral die Franse van die eerste geslag, en gelet op die meeste se kenlike onwil om 'n ander taal aan te leer, selfs in 'n nuwe vaderland, kan ons seker

aanneem dat hierdie Hugenote as hulle met die koloniste moes omgang hê, die geleenthede wanneer hulle sonder die hulp van 'n tussenpersoon moes klaarkom, so weinig as moontlik sou gemaak het. Dit lyk dus onwaarskynlik dat krom-Nederlands van die kant van die Franse 'n faktor van betekenis kon gewees het. En omdat kromtaal die tekens van onbeholpenheid dra, is dit moeilik om in te sien dat vryburgers wat beter praat, die voorkeur gaan gee aan die onbeholpe taalgebruik van 'n heel klein persentasie kromsprekende „vreemdelinge,” — „klein,” want die kinders is al mēer en meer nie langer saam te tel nie.

'n Ander saak wat hom uit dié teorie moeilik laat begryp, is hoekom juis die Franse Hugenote *aan die Kaap* die taal laat deflekteer het en elders in selfs gunstiger omstandighede geen blykbare invloed laat geld het nie. Uit prof. Smith se artikel haal ek 'n paar sinne aan (*De Goede Hoop*, Nov. 1915, 107-8): „In het jaar 1688 alleen kwamen er 75,000 Vluchtelingen in Holland aan; en men bouwde 1,000 huizen voor ze te Amsterdam, waar er tussen de 14,000 en 15,000 Fransen tegen het einde van de 17de eeuw woonachtig waren . . .

. . . Bij zijn dood (naamlik van Frederik Wilhelm, keurvors van Brandenburg) in 1688 was niet minder dan een vierde van de inwoners van Pruisen Frans: en in 1699 waren er over de 12,000 Fransen in Brandenburg, de militairen niet eens meegerekend. In Berlijn alleen waren er tussen de 5,000 en 6,000 Fransen uit een totale bevolking van 15,000. Trouwens, de opkomst en bloei van Pruisen dateert grotendeels van de inlijving van dit sterk Frans element, en de felste vijanden, die Frankrijk gedurende de hele volgende eeuw op het slagveld kon ontmoeten, waren juist de afstammelingen van de Franse Vluchtelingen, die zich in Duitsland hadden gevestigd.”

Duits is vir 'n vreemdeling veel moeiliker om grammaties korrek aan te leer as Nederlands, en die kans op die vorming van 'n soort krom-Duits veel groter. In die begin het menige Fransman ongetwyfeld by geleenthede so 'n gebroke Duits gebesig. Tog het dit in Berlyn

byvoorbeeld waar hulle selfs soveel as 'n derde van die bevolking uitgemaak het, Duits op die duur nie gedeflekteer nie, net so min as wat die Franse in Amsterdam die Nederlands daar in sy buigingsstelsel merkbaar aangetas het. Ons mag gerus aanneem dat hier waar hulle op sy gunstigste slegs een uit agt in die verhouding was, hulle minstens net so min die heersende taalvorm gaan vermink het. Hulle het intendeel na hulle volkome inlywing tot die beste instandhouders van die kolonistetaal geword en in die *Patriot*-tyd sal hulle nasate tot die beste handhawers gereken moet word.

Dit wil voorkom of die opvatting dat die Hugenote langs die weg van 'n kromtaal die koloniste-Nederlands help omvorm het, onhoudbaar is en onverenigbaar met die geskiedenis soos ons dit begryp. Word dit so aangeneem, dan is hulle geringe invloed op die taal nie so heel vreemd nie.

§49. *Die nie-blanke elemente en Nederlands.*

(a). *Die Hottentotte.* Gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu het die algemene geskiedenis van die suid-westelike Hottentotte of *Kaapmans* in ruimer sin 'n paar van die grootste skokke te vermeld. Aan die einde van die sewentiende en die begin van die agtiende eeu het die Kora (Gorachoukwa) uit die omstreke van die Skiereiland pad gegee en noordwaarts getrek na die buurt van die samevloeiing van die Vaal- en Hartsriviere. Hulle het die Kaapmans se „Groot Trek” ingelei. Die orige Kaapmans het teen 1700 òf onder die blankes in die Boland gebly, òf soos meestal gebeur het, oor die Bolandse blou berge die land ingetrek waar hulle waters gesoek en hulle krale van matjieshutte opgerig het, d.i. hulle „werf” gaan opslaan het.

Die wat onder die blankes gebly het, het die koloniste se taal aangeleer en het vrywillig los werkies verrig vir kos en tabak; veral was hulle behulpsaam met die oppas van vee of hulle het werfdienste verrig en met oestyd het spanne koring gesny. Hulle het as ekonomiese faktor

hulle oorspronklike betekenis verloor deurdat hulle nie meer die eintlike veebesitters was nie.

Die Hottentotte oorkant die berge was nog veebesitters — daarom het hulle getrek om weiding te soek. Daar het die veeruilers hulle gaan opspoor om met hulle handel te drywe. Selfs hierdie onafhanklike Hottentotte aan die nabye periferie het kort na 1700 blykbaar reeds almal met die koloniste in (krom) Nederlands kon praat. So lees ons dat kommissaris Cnoll in 1710 vir sy siekte „t Warme bad” (Caledon) gaan besoek het, en toe sy gevolg die berg by Hottentots-Hollandkloof (Sir Lowryspas) uit is, het hulle tent opgeslaan by Knoflookskraal. Aangaande die Hottentotte van die kraal daar word berig dat dit „waarlijk remercabel (is) dat men bij geen een hottentot quam of vonden hem genoegsaam in de hollandse taal geverseert” (VRV V 64). By Kolbe (I 416) lees ons eweneens dat ’n mens teen 1713 diep in die binnelande deur Hottentotte in Hollands aangespreek word. Dit het dit vir die veeruilers en die jagters maklik gemaak om onderhandelings met die inlanders aan te knoop.

Teen hierdie tyd het nie net die veeruilers en jagters die berge oorgesteek nie; dit was veral die nomadiese veeboere wat in al groter getalle die binneland ingedring het. Mentzel het hieroor die volgende interessante paragrafie: „The Hottentots are, as it were, the bloodhounds who smell out the most fertile lands. When their kraals are discovered in such places several Europeans or Afrikaners soon appear and, by gifts, flattery and other forms of cajolery, wheedle the Hottentots into granting permission for them to settle alongside. But as soon as the pasture lands becomes too scanty for the cattle of these newcomers and the Hottentots, the latter are induced by trifling gifts to withdraw and travel further inland. They prefer to remain in close proximity to the white man.” (VRV IV 36).

Die koms van die veeboer teen 1700 en daarna was vir die Hottentot dus rampspoedig in dié sin dat diegene onder hulle wat onafhanklik wou bly, telkens na die

randgebiede moes uitwyk. Sommige het egter verkies om agter te bly en het as veewagters en algemene plaas- en huishulp die trekboer gedien. Dit het noue en langdurige aanraking veroorsaak, waardeur die Hottentot se kennis van die kolonistetaal snel toegeneem het. In die kraalverband het hulle waarskynlik nog hulle eie taal vereers suiwer behou.

Die grootste ramp tref hulle in 1713, naamlik toe die pokkies aan die Kaap uitgebreek het. Die blankes het sewe jaar se bevolkingstoename verloor; onder die slawe was die verlies aan menselewens nog hoër — byna 200 uit omtrent 570 van die Kompanjieslawe in die losie het omgekom; maar die Hottentotte het die meeste gely. Theal se woorde dienaangaande lui: „Of the Europeans who were smitten, more recovered than died; but with the Hottentots, to be ill and to die were synonymous. The state of filth in which they lived caused the plague to spread among them with fearful rapidity . . . Whole kraals absolutely disappeared, leaving not an individual alive. The very names of the tribes for a great distance inland were blotted out by the fell disease. They no longer appear in the records as organised communities, with feuds and rivalries and internal wars, but as the broken-spirited remnant of a race, all whose feelings and nationality and clanship had been crushed out by the great calamity. The farmers who had been accustomed to employ many hundreds of them in harvest time, complained that none were now to be had. Strangers who had visited the colony before 1713, and who saw it afterwards (Theal dink aan Valentijn), noticed that the Hottentot population had almost disappeared” (*History of South Africa* II 59-60).

Die Hottentotte het gevolglik in die streke wat die veeboere in 1713 reeds ingeneem en daarna gaan inneem het, baie yl gewoon. Die land was prakties oop en leeg. „One often travels for several days, without coming across a single Hottentot kraal, to say nothing of a farm,” vertel Mentzel ons aangaande dié streke in die Ooste en Noordooste (VRV XXV 335). Eers in die

volgende halfeeu (1750—1800) sal die trekboere op ernstige verset stuit, en wel van die kant van die Boesmans en die Bantoe.

Intussen het ook die Kaapmans-Hottentotte wat na die epidemie oorgebly het, vir sover hulle met die blankes in aanraking gekom het, vinnig Nederlands aangeleer: dit het die algemene verkeerstaal begin word. Toe Georg Schmidt van die Morawiese Sendinggenootskap in 1737 onder die reste van die Hessekwastam begin werk het, het hy hulle om hom in Zoetenmelksvlei en later in Baviaanskloof bymekaar gemaak, en vir hulle daar in sy eie kerkgebou die evangelie in Nederlands gebring en „he taught a few Hottentots to read Dutch,” maar „he could neither read nor speak Dutch correctly,” volgens Mentzel (VRV XXV 83).

Waar Schmidt vir die Hottentotte (Hessekwas e.a.) in 'n soort van gebrekkige Nederlands geleer en gepreek het, het hy hierdie taal gekies om die bruikbaarheid daarvan. Immers, Mentzel vertel 'n hele paar keer dat die Hottentotte wat onder die koloniste gekom het, die blankes se taal aangeleer het. Hy moes hierin die oog op die tyd hê toe hy self aan die Kaap was, dit is tot so omstreeks 1740, want hy deel hierin kenlik sy eie ervaring mee. Party Hottentotte het Nederlands blykbaar vloeiend gepraat, ander weer minder goed; hy vertel bv. in deel II van sy werk (VRV XXV 282) o.m.: „When I asked Hottentots and half-breeds with whom I could converse quite fluently in Dutch . . .”; of „Even supposing that a Hottentot was brought up among the colonists and, in a way, spoke fairly good Dutch . . .” (ald. 301); of nogeens: „. . . those who have been brought up among the colonists and can understand the Dutch language . . .” (302).

Ongelukkig beskik ek nog nie oor staaltjies van hulle „Hottentot-Hollands” uit hierdie tydperk nie; Mentzel self laat deurstraal dat dit nie suiwer Nederlands was nie. Hulle het taamlik seker 'n eie dialek daarop nagehou, en miskien was die eienskappe van die vorige tydperk se brabbelvorme baie prominent, bv. *ons* vir *wij*, 'n afwesig-

heid van genusonderskeidinge e.d.m. Miskien op grond van laasgenoemde waarskynlike kenmerk van *hulle* soort Nederlands het Mentzel, volgens prof. I. Schapera verkeerdelik (ald. 328), gemeen dat hulle eie taal dit ook mis: „This I can say in advance, that the Hottentot language, just like the lingua franca of the East Indian slaves, knows no difference of genders, but indicates everything, irrespective of whether it is masculine, feminine or neuter, with the same article . . .” (320).

Hoe het die Kaapse burgers aan die ander kant met die taal van die Hottentotte oor die weg gekom? Ons verneem nog steeds dat nuwe vryburgers dit omtrent onleerbaar vind („ungelernig,” sê Wintergerst 212), en dat diegene wat lank hier gevestig is, daarmee meestal moeilikheid het. Dit lyk nie of daar baie was wat dit goed kon baasraak nie, behalwe dan as hulle die beste geleentheid daartoe gehad het, dit wil sê as hulle van jongsaf met die Hottentotte saam opgegroeï het. Dit is wat Mentzel ons tot twee keer vertel: „Those African-born people who have not mixed with the Hottentots and been brought up in their midst from childhood learn to understand their language, but not to speak it, for practise from childhood and a glib tongue is needed to repeat the clicks frequently, sometimes twice in a word . . .” (VRV XXV 271). Of weer: „A European or even an African who has not lived and grown up among them from childhood, though he can understand their language, can never learn to speak it fluently” (ald. 319).

Ook ander eerstehandse getuïenisse uit hierdie tyd vertel dieselfde, so byvoorbeeld, om net nog een te noem, C. F. Hofman in sy ongepubliseerde *Korte Beschrijving van Cabo de Goede Hoop* (\pm 1720): „(De Hottentotten) spreek een wonderlijke taal, geheel vervreemd van allen anderen . . . sal van anderen natien ook niet als met de eerste jaaren kan aangeleert worden; integendeel nemen sij, schoon meerderjarig, der vreemder talen gemackelijk aan” (*Die Huisgenoot* 16 Mei 1930, bl. 31; my kursivering).

Ons verneem gewoonlik slegs in algemene bewoordinge

van sulke kenners van die inboorlingtaal onder die boere. Hesseling verwys na Böving wat omstreeks 1710 as sendeling aan die Kaap was en miskien oordryf as hy sê dat „vele Europeanen” Hottentots goed kon praat. Hulle kon daarby ook met die tong smak (*Het Afrikaans* 16!)? Uit die *Kaapse Stukken* van 1747 haal hy nog die geval aan van twee broers wat aan mekaar iets in Hottentots gesê het om nie deur ’n slaaf verstaan te word nie (ald. 16). Dit is heel selde dat ons so ’n kenner van Hottentots van naam ken. So iemand is die Kaapse burger Pieter Marais, gedoop in 1726 en opgegroeï in die distrik van Swellendam waar die Hessekwas nog gewoon het (VRV XXVIII 107). In ons tydvak het hy sy Hottentots aangeleer, waarskynlik van sy speelmaats, en het die taal blykbaar goed onder die knie gekry. Hy het die tog van Hop meegemaak op soek na ’n stam in Groot-Namakwaland (1761), en het die ekspedisie as tolk gedien.

Hoewel betreklik min van die koloniste Hottentots kon praat, was daar tog blykbaar ’n aansienlike aantal wat dit in mindere of meerdere mate kon verstaan. ’n Kennis van basiese Hottentots was onder die binnelandse boere in dié tyd waarskynlik taamlik verbreid. Dit moet ook ongeveer nou wees dat daar nog Hottentotbenaminge die kolonistetaal begin binnedring, selfs al staan hulle eers ’n kwarteeu of wat later geboek. Mentzel praat van „... (wild) asses or zebras, quaggas, kudas ...” (VRV XXV 216). Dit is opmerklik dat die kort Hottentotse benaminge *kwagga* en *sebra* (laasgenoemde in Hottentots ’n ontlening) al met die eieskepping of leenvertaling van die blankes (*wilde paarden* en *wilde of woudezels* of *gestrepte wilde ezels*) wedywer, om dit effens later te verdring. By hom kom ook voor: *krukimekranki* (198) en *Kannabosch* (*ganna*; ald. 91), maar hulle is tegniese ontlenings vir nuwe plantsoorte.

Baie Hottentotse plekname word nou ook opgeneem, d.w.s. die boere neem weer die bestaande name vir streke, berge, riviere, lope en fonteine oor, of, omdat hulle voldoende Hottentots daarvoor ken, maar die sfeer

of die uitspraak miskien lastig vind, vertaal hulle dikwels eenvoudig die ou inlandse name. *Droogveld* en *Karooveld* wedywer met mekaar. Volgens sommige, bv. C. G. Botha: *Place names in the Cape Province* 42, beteken *karoo* droog, terwyl C. Pettman dit in die verband van *Karooveld* beskou as betekenende *lae bossies* (vgl. sy *South African Place Names* (1931) 92). Die rivier wat later die naam *Oranjerivier* gaan kry, heet onder die burgers nog meestal *Groot-*, maar ook, volgens Mentzel (ald. 216), *Grootbergrievier*, en onder die inboorlinge leef die ou naam *Eyn* voort asook *Gariep* (by Mentzel *Charie*), volgens Pettman uit Hottentot *!Garib*. *!garob*, 'n woestyn, dus Woestynrivier, die naam vir die rivier van die samevloeiing met die Vaalrivier af tot aan sy monding. Een rivier met twee name is die *Olifantsrivier*, soos dit in die Karoogebied heet, en *Gouritsrivier*, die naam langs die benedeloop, na die Hottentotstam *Gourits* (Botha 63). Ook in *Gamtoos* word 'n stamnaam bewaar. Botha gee nog verskeie name uit hierdie periode, soos *Bidouw* (ook *Wiedouw*), *-douw* uit *daos*, 'n poort, of *daob*, 'n pad; *Hantam* (waarskynlik: Berg van knolle, Pettman 21); *Kardouw*, smal poort (*daos*); *Krakadouwepas* (*//Karab*, ronde klippies, gruis, en *-xa*, adj. met die betekenis van oorfloed); *Tarka* (waarskynlik dieselfde woord as in die ander riviernaam *Traka*) uit *taras*, 'n vrou, en *!ab*, 'n rivier; so beteken die pas *Tradouw* in Swellendamdistrik die vrouepoort.

Met die oornamie ondergaan party name soms veranderinge. Mentzel weet te vertel dat daar koloniste was wat *Gouritsrivier* as *Goudsrivier* uitgespreek het en dat baie gevolglik gemeen het dat dié edel metaal daar gevind is (VRV XXV 88). Botha vermoed dat in *Touwsrivier* die Hottentotse woord vir *buffel* skuil (*/gaob*, soos in */Gaosib*, deur die blankes vervorm tot *Koussie*). In 1748 word dit gespel as *Thause*, in 1755 as *Thou* en *Thouw*, en in 1762 as *Touw*; van Plettenberg dui dit aan as *Touws Rivier* (1778). 'n Ander omgevormde Hottentotse naam is waarskynlik *Trekkentouw*, deur Van Plettenberg verklaar as „Vrouwe weg” en by Mentzel aangegee

as *Tradutiku*, as die identifikasie juis is (VRV XVI 88n).

Die aanwysbare invloed van die Hottentotte sal in die volgende periode aansienlik sterker word.

(b). *Die Slawe.*

Jaar	Volwassenes			Sla- we- kin- ders	Gro- ot- To- taal Slawe	To- taal Vry- bur- gers	A	B	C	Sla- we Kaap- distr.	Sla- we in res v.land
	Manl	Vroul	To- taal								
1706	841	149	990	117	1107	1641	85	65	40	719	388
1711	1232	290	1522	249	1771	1756	81	66	50	1167	604
1713	1386	231	1617	177	1794	1585	86	56	53	1007	787
1718	1885	321	2206	230	2436	2053	85	58	54	1419	1017
1723	2224	408	2632	290	2922	2245	84	67	57	1958	964
1728	2867	560	3427	446	3873	2713	84	62	59	2401	1472
1733	3384	711	4095	614	4709	3074	82	61	60	2888	1821
1738	4199	810	5009	748	5757	3612	84	59	61	3371	2386
1743	3804	815	4619	742	5361	3972	82	59	57	3132	2229
1748	3322	821	4143	779	4922	4508	80	59	52	2941	1981

Die Kompanjieslawe in die losie het op tussen 500 en 600 bly staan, maar die aantal onder die vryburgers het met rasse skrede uitgebrei. Uit die gegewens deur dr. C. Beyers (240-245) verstrekk, is bostaande tabel opgestel. Dit behoort saam met §33 gelees te word. Die persentasies onder A en C is hier soos daar: A vertel hoeveel ten honderd van die slawe manlik is (80% — 86%), en C druk die verhouding van burgerlike slawe tot koloniste uit. Die persentasies onder B het in hierdie tabel betrekking op die aantal slawe in die klein distrik die Kaap teenoor die wat in die destyds uitgebreide distrikte van Stellenbosch, Drakenstein (en sedert 1745 Swellendam) was.¹⁾

Verskeie belangwekkende feite tree aan die lig. Terwyl die slawebevolking $4\frac{1}{2}$ maal groter geword het, is die toename by die koloniste omtrent $2\frac{3}{4}$ maal, sodat die vryburgers wat (op een jaar na) tot 1706 goed bly voorloop het, sedert ongeveer 1711 numeriek die tweede

¹⁾ Raadpleeg 'n atlas, bv. dié van Walker of Stockenstrom of Boeseken.

plek moes inneem. Die slawe het in 1706 reeds 40% van die totale vaste bevolking uitgemaak, sedert 1711 50% of meer, en het selfs die syfer van 60% behaal. As die aantal vryswartes ook bygetel word, is die verhouding vir die blankes nog veel ongunstiger.

Maar die slawe was kultureel versplinter. Vereers merk ons die verrassende konstantheid op in die verhouding van slawe tot slavinne. Sedert 1687 tot aan die einde van ons tydperk bly dit in die buurt van 85%, sodat vier uit elke vyf slawe tot die manlike geslag behoort het. Die groot aanwas is dus nie eerstens toe te skryf aan die kinders verwek by slavinne nie, maar aan die invoering van slawe wat veel sneller verloop het as die toename van blankes deur middel van immigrasie. Die blankes was in hierdie tydperk veral op hulle geboorteoorskot aangewys.

Die koloniste het sorg gedra dat slawe kon „uitgetrou” word (Haafner), maar alleen die kinders van slavinne was onvryes. As ’n slaaf byvoorbeeld by ’n Hotnotmeid ’n kind gehad het, is die kind as ’n Hottentot beskou en behandel en kon nie verslaaf word nie, terwyl die kroos van ’n slavin die eiendom van die meester is. Hoewel die slavinne slegs ’n vyfde van die onvrye bevolking uitgemaak het, was hulle aantal sedert die jare dertig aansienlik (by die 800), en aangesien die jongeres, volgens Mentzel, baie vrugbaar was, is daar in hierdie periode ’n groot aantal slawekinders geteel. Tot hulle twaalfde jaar is hulle in die opgaafrolle as slawekinders ingeskryf, daarna as slawe, sodat dit dan moet opval hoe groot die toename in slawekinders sedert die tweede kwart van die eeu moes gewees het. Hulle getalle is in 1748 oor die 6½ maal groter as in 1706, en in 1748 is daar buitendien amper net soveel slawekinders as wat daar in 1706 volwasse slawe was, d.w.s. byna 800. Teen hierdie tyd het die behoefte aan die invoering van nuwe slawe gevolglik afgeneem.

Dit is ’n baie belangrike mylpaal. Kolbe en Valentyn het ons aan die begin van die agtiende eeu nog verduidelik hoe belangrik die aankoop van nuwe slawe was, maar

Mentzel, wat alleen met kennis van sake oor die toestande teen 1740 kon praat, deel ons die volgende mee (aangehaal by Hesseling 57): „Der Ankauf neuer Sklaven welchen Kolbe sehr hoch anrechnet, fällt heutigen Tages weg, weil sich diese Nation durch eigene, wie auch der Matrosen- und Soldatenmischung selbst fortpflanzt und vermehret (I 309).” Dit is ’n punt waarop hy herhaaldelik terugkom, so in die volgende beweringe aangehaal uit die Engelse vertaling van sy werk: „Very few slaves are now imported, and these are brought here more as a punitive measure than with a commercial object . . . The labour requirements are, nowadays, fully met through the natural increase among slaves . . . The majority of privately-owned slaves have been born in the country and thus most farmers owe their title to them through an inheritance from their father or grandfather” (VRV VI 125-126, vgl. ook 90). Die moeilikheid met Mentzel as sêgsmán is dat ’n mens nie altyd weet of hy inligting verstrek oor die tyd toe hy self aan die Kaap was (1733—1740) of wel toe hy sy boeke geskryf het nie (1785 en 1787). Uit die aard van sy beriggewing lyk dit of hy op die punt van die slawe sy eie ervaring meedeel en nie bv. op (die deur hom hooggeroemde) Sparrman steun nie.

Ons het ongelukkig nie veel gegewens uit die offisiële bronne oor die herkomsorde van die slawe nie. Miskien is die volgende voorstelling nie al te ver van die waarheid af nie. Daar was twee hoofgroepe: dié wat hier gebore is (die grootste gros, volgens Mentzel) en dié wat ingevoer is.

Aangaande eersgenoemde: volgens die statistiek is daar sedert die jare dertig ’n goeie geboorte-oorskot waardeur aan die vernaamste behoeftes van die Kaapse slawemark voldoen kon word. So ontstaan hier ’n slawebevolking wat geen regstreekse herinneringe aan ’n verwyderde vaderland meer het nie. Die Kolonie is hulle geboorte- en hulle enigste vaderland. Hulle voel ook nie meer, soos die nuwelinge, die drang om weg te loop nie en is blykbaar versoen met hulle staat. Daartoe het

hulle wel rede gehad, want ons verneem voortdurend hoe goed die boere hulle slawe oor die algemeen behandel het (vgl. Victor de Kock: *Those in bondage* (1950), bl. 37 e.v.).

Wat die tweede groep, die ingevoerdes, betref: toe die geboorte-oorskot nog gering was en die Kolonie vinnig uitgebrei het, was die behoefte so groot dat baie slawe ingevoer is.

(i). In die begin van die agtiende eeu het hulle — net soos voor die tyd — veral van Madagaskar gekom. Tussen 1700 en 1707 is minstens 942 Malgasse aangewerf (Bosman 56), en in 1715 is 200 aan wal gebring. Maar nou kom hierin ook verandering, want die Franse het in 1715 besit geneem van Mauritius wat ses jaar van tevore deur die Nederlanders verlaat is, en hulle gesag ook oor Madagaskar uitgebrei. Dit is waarop Mentzel doel as hy sê: „The first slaves were brought to the Cape from Madagascar, but the French afterwards put a stop to this traffic” (VRV VI 125), hoewel die Kaapse bestuur nog soms slawe daarvandaan gekry het.

(ii). Miskien as teenwig teen die Franse optrede het die N.O.I.K. van Delagoabaai besit geneem (Walker 83) en gedurende die jare 1721—1730 ’n faktory daar in stand probeer hou. Toe is veral Masbiekers as slawe aangewerf en ongeveer 280 „Terlatanen” na die Kaap gebring; hulle was egter geneig tot moord en diefstal en het baie gedros sodat die onderneming nie eintlik geslaag het nie. (Vgl. C. J. Coetzee: *Die Kompanjie se Besetting van Delagoabaai* in die *Argief-Jaarboek* 1948, deel II). Hulle het nege tale gepraat, maar komende uit ’n gebied wat lank ’n Portugese besitting was, is dit moontlik dat party ’n bietjie gebroke Portugees kon brabbel. (Oor hierdie gevaarlike klante wat in die kelderverdieping van die slawelosie gehuisves is, kan meer gelees word in VRV II 58-59 en VRV VI 125).

(iii). Die hele tyd deur het daar nog slawe uit die Ooste aangekom. Tot my spyt beskik ek hier oor geen syfers nie; dit lyk egter seker dat hulle ’n klein minderheid gevorm het en dat hulle getalle eers teen 1730

begin toeneem het. Nogtans was hulle 'n baie belangrike kontingent en oor die algemeen hoog aangeskrewe, afgesien van 'n paar groepe soos die opvlieënde Boeginese. Die Oosterling het altyd die aandag op hom getrek.

Hierdie slawe is veral afkomstig uit Indië (die kuste Malabar aan die westekant, Coromandel aan die oostekant, Bengal in die noorde en Arakan aangrensend) en uit die eilandryke van wat Huet in sy bespreking van Valentyn se hoofwerk „Water-Indië” genoem het (Java, Bali, Celebes, ook soms Macassar genoem, Ternate, Amboina e.a.). Vir hulle is die hoogste pryse betaal weens hulle baie kundighede, en daarom het amptenare op weg na Europa in private spekulasies gewoonlik 'n paar Oosterlinge op die Kaapse mark verkoop (VRV VI 125-6).

Terwyl die Malgas en Masbieker die waterdraer en houthakker was, die slaaf met die draagstok oor die skouer of kaalvoet besig om stene te vorm, en die meid uit Madagaskar of uit Mosambiek eweneens die swaarste werk moes verrig soos om die bondels wasgoed te vat, was die Slamaaier „als ein König unter den Sklaven” (Robert Semple: *Schilderungen von dem Vorgebirge der Guten Hoffnung* 35; ongelukkig kon ek dit net in Duitse vertaling raadpleeg). Hy is die musikant en die kunstenaar, en net soos die slawe uit Indië, was hy die geskoolde arbeider wat huise bou, dek en skilder, die siergewels optrek, skoene, pruike, klere, waens en karre maak, smidswerk doen, vis vang ens.; die Oosterse slavinne is eweneens aangesog vir fyn naaldwerk, kindersorg en huiswerk. So het hulle 'n vooraanstaande plek ingeneem en hoewel betreklik gering in getal, het die besoeker hulle die eerste opgemerk. Daarby was hulle die blanke ook deur hulle uiterlike voorkoms simpatiek; die Malaabaar, sê Semple, het Europese gelaatstrekke, is slank en welgeskape, die Maleier het 'n regop gang, 'n „nervige Figur” en 'n vrye stap (ald. 35-37).

Die kultuur en taalvorme van die Môrelande is verder versterk deur die Mardykers of vrye Oosterlinge wat ewe ondernemend as geskoolde arbeiders, vissers of kleinhandelaars was. Dit is meestal mense wat hulleself

vroeër vrygekoop het omdat hulle die drang daartoe gehad het. In hulle hart was hulle nie slawe nie.

As derde groep is te noem die politieke bannelinge uit die Ooste. Die hele tyd deur wat die N.O.I.K. die Kaap besit het, het daar van hierdie mense aangekom, en party was persone van rang en naam, sodat hulle ook meegehelp het om die waarde en aansien van die Oosterse gedagte te verhoog.

Watter taal het die Oosterse slawe (vry en onvry) nou gepraat? Dié wat van Indië is, het waarskynlik as geleentheidstaal 'n soort krom-Portugees gebruik, en dié wat uit Water-Indië ingevoer is, die Maleise lingua franca, en onder mekaar waarskynlik 'n mengsel van albei, naas, natuurlik, hulle onderskeie moedertale met 'n landgenoot af en toe. Oor die brabbelvorme het ons dit vroeër reeds gehad. Dit het gewoonte geword om die taal as Maleis-Portugees aan te dui. Kolbe vertel ons dat hy 'n paar Portugese woorde van die slawe aangeleer het om die nodigste te vra en hom teen bedrog te vrywaar (Duitse teks, bl. 61), en oor die tyd van 'n dertig jaar later deel Mentzel mee dat hierdie taal, „sehr leicht erlernet wird und bereits seit vielen Jahren her von denen christlichen Einwohnern sowohl als von denen Sklaven, so selbst von denen Bastart-Hottentotten gesprochen wird,” (vgl. VRV IV 56 en 49). As ons onthou dat baie burgers kroeër in die Ooste was en die maklike taal *daar* al kon opgetel het, en verder dat Basterd-Hottentotte ook vinders van slawe by Hottentottinne kon gewees het met wie die betrokke slaaf gereeld omgegaan het, dan is dit duidelik dat ons versigtig moet wees hoe ons die sin begryp. Ons mag die waarheid daarvan nie oordryf nie, net so min as ons dit mag onderskat. Böving byvoorbeeld vertel van omstreeks 1710 dat „einige Hottentotten” o.m. Nederlands en Portugees praat en Kolbe, by wie die sitaat (I 424 van Nederlandse teks) voorkom, voeg by dat party Hottentotte „nu de Hollandsche Taal tamelyk wel kundig zyn en ook Portugeesch spreken en dagelyks meer leren” (I 417). In Mentzel se tyd sou in hierdie rigting wel gevorder gewees het.

Hoewel die Oosterlinge soms hulle taal deur *ander* laat aanleer het, was dit seker alleen die geval onder heel gunstige omstandighede en oor die algemeen beperk, d.w.s. meer uitsondering as reël. Hulle was immers wel 'n geëerde maar nogtans betreklik geringe gedeelte van die totale slawebevolking, waarvan die grootste gros reeds hier gebore is. Dit lê voor die hand dat hulle *ook* na verloop van tyd die een of ander vorm van slawe-Nederlands moes aanleer.

Dit is moeilik om die verskillende vorme in hulle juiste verhouding tot mekaar te sien; die reeds gemelde artikels van prof. J. L. M. Franken: *Vertaling aan die Kaap in Maleis en Portugees* wat op die notule van die Kriminele Prosesstukke berus, kan aanduiding gee. Hy sê: „Wat die positiewe resultate van ons ondersoek vir die taalgeskiedenis betref, dit bevestig die getuienisse oor die veelvuldige gebruik van Portugees as algemene omgangstaal onder die slawe en tot op seker hoogte die kennis daarvan onder die blankes, *gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu . . .* Dit geld, blykens ons ondersoek, ook vir Maleis. Orals in die stukke word die twee tale uitmekaar gehou . . .” (*Die Huisgenoot*, 23 Mei 1930; kursivering van Franken).

Onder die blankes wat Maleis-Portugees verstaan het, val sommige lede van die Raad van Justisie. Van 1728 af word uitdruklik gesê dat sekere genoemde lede wat die notule onderteken het, die tale verstaan waarin vertolk is. Maar wat ons wil weet, is of *die slawe ook Nederlands verstaan en gepraat het?* Nou blyk dit by 'n onbevange lesing van die stukke dat die slawe wat 'n vorm van Nederlands nie genoegsaam geken het nie, die uitsondering is; met onbevange lesing bedoel ek dat waar geen vermelding van vertolking gemaak word nie, m.i. aangeneem moet word dat alle partye by die verhoor betrokke Nederlands kon besig, of dit nou krom was of nie.

Dit lyk my die moeite werd om prof. Franken se gegewens vir die eerste helfte van die agtiende eeu tabellaries te rangskik; daarvoor bepaal ek my voorlopig slegs by die jare waarvoor gegewens verstrekkend word wat

vir doeleindes van vergelyking bruikbaar lyk, te wete vir die jare 1718—1723, 1727—1750. Die sake wat buite ons land afgespeel is of van slawe wat toevallig in die hawe was, sluit ek uit.

Dan kry ek die volgende syfers: van 659 slawe wat verhoor is, het 537 hulle verklarings, ondervragings en rekollemente alles sonder vertolking gedoen, d.w.s. in Nederlands. Van die orige 122 is daar 30 van wie gesê word dat hulle ook Nederlands ken, of uitdruklik, of by implikasie, deurdat hulle, ditsy die getuienis, ditsy die rekollement in Nederlands gegee het.

By die orige 92 gevalle (14%) moet ons die volgende in aanmerking neem: op een na val hulle almal in die tydperk 1728—1750, en nou vind hulle verhoor meestal plaas voor raadslede wat die slawe se Maleis en Portugees regstreeks verstaan, as gevolg waarvan die noodsaaklikheid wegval om te sê of hierdie slawe ook slawe-Nederlands ken of nie. Ons lees byvoorbeeld by 1732 (f. 299): „aldus gerecoll. in de portug. T. die wij ondergesz. wel verstaan,” en dan volg die name van die sekretaris en drie lede. Ons mag seker aanneem dat die raadslede wat die Oosterse slawetale magtig was, spesiaal aangewys is om daardie sake te verhoor.

Ten slotte nog 'n oorweging by die 92 gevalle. Hoe lank was hulle in die land by hulle verhoor? As hulle maar kort gelde aangekom het en dan net Portugees of Maleis praat, is hulle onkunde van slawe-Nederlands die gevolg van hierdie omstandigheid, want dit lyk taamlik seker dat diegene wat lank hier was, gebroke Nederlands ook magtig was. Dit lyk of die geval van Caesar van Madagaskar as die normale kan geld. Hy „seggt 13 jaren aan de Caab, en bij zijn aankomst nog seer jong geweest te zijn,” en van hom lees ons: „Caesar, de Nederduitse en Portugeeze taal redelijk wel verstaande en spreekende . . .”

As ons al hierdie oorwegings laat saamtel, dan kan ons miskien nie te erg mistas as ons sê dat die helfte van die 92 seker slawe-Nederlands kon verstaan, al word dit nie spesifiek so genoem nie, en dan is daar sowat 'n 7% van

die totaal wat verhoor is wat dié taal moontlik nog nie genoegsaam geken het nie.

Buite die datums hierbo aangegee, lê 1726. In die jaar dien 'n groot saak waarby 19 slawe, 17 van hulle afkomstig uit die Ooste, verhoor word omdat hulle gedros het; 12 het in Nederlands geantwoord, 4 in Maleis en 3 in Portugees. Nou is dit waar dat ons nie uitdruklik verneem of die 12 ook Maleis of Portugees geken het nie, maar aangesien 10 van hulle uit die Ooste ingevoer is, sal dit by hulle heel seker die geval gewees het. Dan het ons hier m.i. 'n uiters belangrike vasstelling: die goeie meerderheid (10 uit 17) van die Oosterse slawe het Nederlands „reedelijk wel,” een selfs „seer wel” gepraat, d.w.s. hoewel die 10 die lingua franca geken het, *het hulle tog ook Nederlands aangeleer*, en dit ongetwyfeld aan die Kaap, daartoe deur omstandighede gedwing.

Dit alles pleit daarvoor, dunk my, om ons die volgende voorstelling insake die taaltoestande van die slawe in hierdie tydperk te maak: Die Oosterse slawe — hulle vorm die minderheid — het Maleis, Portugees of Maleis-Portugees onder mekaar gepraat, en selfs ander soos slawe en Hottentotte het dit soms van hulle aangeleer. *Verreweg die belangrikste slawetaal was egter 'n vorm van Nederlands* wat, na dit wil voorkom, sowat almal geken het as hulle 'n rukkie in die land was, Oosterlinge inkluis. Die verowerende, dwingende taal was bygevolg ook onder hulle Nederlands.

Daartoe het alles meegewerk. Net soos alleen 'n vryswart skoene mog dra, kon alleen daardie slaaf 'n hoed dra wat Nederlands kon verstaan en praat (De Kock 49). Kennis van Nederlands het status verleen en die weg gebaan om eendag dalk vrygemaak te word¹⁾; hierdie kennis was een van sy kosbaarste besittings, afgesien nog van die praktiese nut daarvan in 'n kolonie van Nederlandssprekendes waarvan die burgery, in ons periode hoofsaaklik hier gebore, in die reël ongetwyfeld

¹⁾ Tussen 1715 en 1755 is 248 slawe vrygestel, volgens die syfers van dr. H. P. Cruse: *Die Opbeffing van die Kleurlingbevolking*, deel I (1947), bl. 271.

eentalig was. Dan was daar nog die slaweskool wat sedert Van Rhee de se tyd onderrig in en deur Nederlands aan jong slafies verstrek het; hier kom egter slegs Kompanjieslawe in aanmerking.

Hoe het hulle Nederlands daar uitgesien? Ons verneem in die notule van die hofsake dat sommige slawe die kolonistetaal „seer wel” gepraat het, maar gewoonlik staan daar: „Nederlands redelijk wel,” dit wil waarskynlik sê dat die taalvorm in „grammatiese” opsigte te kort skiet. ’n Paar los sinnetjies in prof. Franken se artikel oor die hofsake gee miskien ’n floue indruk van hulle taalgebruik. Baddu beskuldig die skildwag dat hy twee brode weggevat het en sê: „eij ghij Caetjoor, jouw siecken hont ghij die brood tecken.” *Caetjoor* (Port. *cachorro*) beteken hond. Die sin is uit 1671; uit 1707 is daar die woorde van Titus van Coutchin: „Maski ik wil dat bloed ook wel drinken . . .” In 1720 sê Jakop van Madagaskar aan burger De Clercq wat deur hom en ander slawe aangerand is: „jij mijn Cameraat gedaan vast maken ik salje betalen, ik jouw nouw ook vastmaken,” en die kaptein: „jongens jij moet braaf vast maken, jij moet niet bang weesen, ik sal goet maken voor de Comp.ie.” In 1741 sê Lapaaij van Boegis aan ’n meid wat hy uit liefdesnyd met ’n mes te lyf gaan: „Poeta, waarom doet ghij soo voor mij . . .” (*Poeta* is ’n onkiese skeldwoord uit krom-Portugees).

Hierdie sinnetjies het die gewone kenmerke van ’n krom taal, o.m. die verwronge sinsbou: armoede in die aanwending van bindwoorde; by die werkwoord ’n poging tot vervoeging wat egter neerkom op die onoordeelkundige aanhegting van dieselfde uitgang *-en* orals waar dit gepas lyk — ’n soort van gelykmaking dus; by die s.nw. ’n gebrek aan genusonderskeiding (*die* brood). Heel in die besonder let ons op die voorkeur vir die voorsetsel *voor* (vir) in ooreenstemming met die Maleis-Portugese *per* in dieselfde funksie. Vergelyk o.a. J. J. le Roux: *Oor die Afrikaanse Sintaksis* I 143. Ons het nog geen grond om te meen dat hierdie kenmerk reeds die kolonistetaal binnegedring het nie, hoewel dit later

tekenend vir Afrikaans gaan word, en dan waarskynlik langs die weg van slawe-Nederlands. Ten opsigte van kreolismes soos *gedaan vast maken* het ons taal weerbaar gebly en ook die woordskikking oor die algemeen is vreemd aan dié van die sinnetjies hierbo.

Hoe staan dit met invloed uit die Maleis-Portugese taaltorme van die slawe? Uit die bronne is daar tot dusver moeilik iets aan te wys. Prof. Franken noem die geval van 'n blanke wat die Portugese kragwoord *tajoli* gebruik (1737 — Mentzel sê dis die slawe se ergste skeldwoord); en dan is daar melding van 'n ander blanke wat die ewe obsene Portugese *maifoedee* in die mond neem. Hoewel in Nederlandse bronne van voor 1652 bekend, het die aanwesigheid van die Oosterse slawe sodanige woorde tog aktueler en frekwenter gemaak as wat hulle in Nederlands was, en in Kaaps-Nederlands is hulle bygevolg nie *net* as erfgoed te beoordeel nie. Van sulke meestal voor-Kaapse woorde wat deur die slawe aan die Kaap 'n vertrouder klank geword het, verskyn in die genoemde hofsake o.a. *amok*; *kaparrang*; *mandoor*; *maski*, *nonje*; *paai*; *tabee* („hem met goeden avond of tabee hebben gegroet”). (Vgl. Franken in *Die Huisgenoot* 23 Mei en 20 Junie 1930). *Paai*, 'n seemanswoord uit Maleis-Portugees *pay* (Portugees *pae*, vader, vgl. WNT s.v.), word hier aan die Kaap deur blankes slegs teenoor 'n ouerige *slaaf* gebruik (paai Moor) en *maai* teenoor 'n *slavin*; die *slaaf* spreek die blanke aan as *sieur* (Port. *senbor*) of as *nonnie* (*nonje*, *n(j)onja*, 'n Indiese woord (vgl. WNT)). Toe *nonnje* as 'n verkleiningsvorm aangevoel is, het *nôi*, *nooi* vermoedelik opgekóm, as 'n eieskepping. Met die Hottentot word 'n duidelike teenstelling bewaar: hy alleen tituleer die blanke as *baas* en word op sy beurt aangespreek as *booi* (*booy*) of *Hotnot*. Die betekenisveld van party van die vroeë woorde wat hier 'n eie toepassing in die rigting van verenging of verruiming gekry het, was waarskynlik in hierdie tyd nagenoeg afgebaken. 'n Jongerige slaaf was 'n *jonge(n)*, later *jong*; *volk* het ook werksmense, meer bepaald die eienaar se slawe aangedui, en slawe in

die algemeen was *koelies* (De Kock 50). (Vgl. Bosman *Ontstaan* (1928) bl. 70-72 en 75, alwaar *amok*, *maskie* en *tabee* as Afrikaanse leenwoorde vermoed word).

(c). *Kleurlinge*. Oor hulle as aparte groep verneem ons nog te min om hierby stil te staan. Alleen moet gelet word op die feit dat daar al meer en meer by landtogte melding gemaak word van „Basterd-Hottentotten” wat hoofsaaklik as tolke maar ook as algemene hulp optree. Dit wil voorkom dat hulle die kolonistetaal aangeneem het.

§50. *Uitwerking op die eenheid van die kolonistetaal.*

Daar is gepoog om aan te dui dat verskeie faktore die samelewing aan die Kaap sodanig beïnvloed het dat drie „kringe” hulle begin afteken het: dié van die minder-gegoede binnelandse veeboer oorkant die eerste bergreeks; dié van die meer gevestigde en bemiddelde Bolandse landbouer duskant; en ten slotte dié van die amptenare en ingesetenes van die Hoofplaas. Dit is gemeen dat die kultuur en dus die taal spore hiervan moet vertoon, en die vermoede is geopper dat in die hawestad en onmiddellike omgewing, gedurig versterk uit die vaderland en van oorsee en geseën met skole en ’n kerk, die taal die beste gehandhaaf is, en in teenstelling daarmee in die Onderveld die swakste.

Nou kom hierby nog ’n faktor: aanraking met die nie-blankes. Dit is nog net die binnelandse veeboer wat veel met die rou, rasegte Hottentot in kontak is. Moontlike invloed via Hottentots of Hottentot-Nederlands is dus van ongeveer 1713 af hoofsaaklik beperk tot ’n seker streek.

Aan die ander kant het die persentasies in kolom B van §49 (b) aangetoon dat die slawe as moontlike taalfaktor vernaamlik in die Kaap-distrik van oorwegende belang is. [Werk ons die gemiddelde persentasie vir die hele halfee uit, dan is daar vir elke tien burgerslawe in die hele kolonie ses in Kaap-distrik (60.6%). Die syfers is in werklikheid nog veel gunstiger vir Kaapstad en omgewing, want hier is nog

gemiddeld 550 Kompanjieslawe in die losie; reken ons dit by, styg die verhouding vir die halfeeu tot 65% vir Kaap-distrik. Die verspreiding van die burgerslawe oor die distrikte was in 1748 soos volg: Kaap-distrik 2,941 (59%), Drakenstein (en Paarl) 1,111 (23%), Stellenbosch 682 (14%) en Swellendam 188 (4%). Dit toon duidelik aan hoe die aantal slawe geweldig afneem namate ons verder weg beweeg van die kernkringe van die stad en die landboustreek.

Om dit alles saam te vat: duskant die berge speel die slawe-arbeid 'n groot rol, anderkant die berge kom die veeboere veral met die gehuurde hulp van die Hottentotte klaar; of, ten opsigte van die kolonistetaal, kan ons sê dat die invloed van die slawetaal (Maleis, Maleis-Portugees en slawe-Nederlands) in Kaap-distrik en die Boland gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu aktief kon gewees het, elders veral invloed van die Hottentotte (Hottentots en Hottentots-Nederlands). Hierdie kragte kan die neiging tot taalkringvorming net verder versterk.

Ten slotte let ons op die relatiewe betekenis van die drie „kringe”. Nie net in die opsigte van taal en kapitaal, van bestuur, beskawing en kontak met die buiteland is Kaapstad en omgewing toonaangewend nie, maar ook in getal en digtheid van bevolking. Dink ons slegs aan die Kaapse *burger*bevolking, dan is die verhouding vir die hele halfeeu soos volg (met dr. Beyers se syfers tot grondslag): Kaapdistrik 46%, Drakenstein 36%, Stellenbosch 18%, of ons neem die verhouding soos weerspieël in die syfers vir 1748 toe daar 'n nuwe distrik bygekom het: Kaap 45%, Drakenstein 31%; Stellenbosch (die uitgebreidste distrik wat van die Olifantsrivier in die Noorde loop tot aan die Breederivier in die Ooste) 12%, Swellendam 12%. Dit wil dus sê dat ongeveer vier-vyfdes van die blanke *koloniste* in die distrikte van Kaap en Drakenstein woon, en in die Kaapdistrik alleen byna die helfte. Reken ons die Kompanjiesdienaars nog by (teen 1750 was hulle net onder 1,500), dan is goed oor die helfte van die hele blanke inwonertal in hierdie klein

distrik saamgetrek. Na mate ons van Kaapstad weggaan, neem die digtheid af. Die tuinboubedryf in Paarl en Drakenstein bied gunstige lewensvoorwaardes en hier is die tweede digste nedersettings. Verlaat ons die „Boland” en sy intensiewe boerdery en kom ons by die ekstensiewe boerdery van die veebesitters anderkant die eerste bergreeks, dan is die getalle klein (ongeveer een- vyfde), die verspreiding is heel, heel dun en die kontakte min, en, ons het dit reeds verneem, die beskawingspeil laer, sodat Van Imhoff en Mentzel daar erg ongerus oor was, veral as, soos deur laasgenoemde, aan die verre toekoms gedink word.

§51. *Ter afsluiting.*

Deur die trek oor die Berge het die veeboere, die jagters en die veehandelaars met die meeste plaaslike plantsoorte van die land in aanraking gekom, asook met die ander diersoorte wat vroeër minder bekend was. Hulle het teen hierdie tyd hulle name gekry, die bodemgesteldheid is noukeuriger aangedui of Nederlandse woorde hiervoor het 'n Kaapser tint ontvang, maar dit is pas in die volgende periode dat die meeste daarvan geboek word en ons dus bewysplase van hulle gebruik het. Daarom laat ons dit oorstaan tot dan.